



No. 1. Dr. W. D. JONKER
AANDAG VIR DIE KERK

DIE STRYD OM DIE KERK

Redaksie: Ds. V. E. D'Assonville, dr. J. H. Roberts,
dr. T. van der Walt.

No. 1. Dr. W. D. JONKER
AANDAG .VIR DIE KERK
DIE STRYD OM DIE KERK

Redaksie: Ds. V. E. D'Assonville, dr. J. H. Roberts, dr. T. van der Walt.

DIE STRYD OM DIE KERK

In hierdie reeks sal in 1965 verskyn:

- 1) Dr. W. D. Jonker: Aandag vir die kerk.
- 2) Ds. C. Hattingh: Die kerk en die Heilige Gees.
- 3) Dr. J. H. Roberts: Kerk en Skrif.
- 4) Dr. A. J. Venter: Kerk en belydenis.
- 5) Ds. V. E. D'Assonville: Kerk en prediking.
- 6) Dr. A. C. Barnard: Kerk en die vervreemde.

Vir die reeks wat in 1966 verskyn kan ons al die volgende boekies in vooruitsig stel:

- 1) Ds. J. A. van Rooy (jr.): Kerk en sending.
- 2) Dr. T. van der Walt: Kerk en toekomsverwagting.

Dit is die bedoeling dat in hierdie reeks elke jaar 6 brosjures sal verskyn.

Die prys is vir intekenare so laag as moontlik gehou, nl. R3.00 per jaar vir 6 brosjures by vooruitbetaling.

Intekening op die reeks alleenlik direk by die uitgewers: "Die Evangelie", Posbus 371, Potchefstroom.

Elke ouderling en meelewende lidmaat, wat in sy kerk belang stel, moet hierdie reeks, wat eenvoudig geskrywe is, besit. Hulle kennis en liefde vir die kerk sal seker met elke brosjure toeneem.

DIE STRYD OM DIE KERK

INHOUD:

1. Dr. W. D. Jonker: Aandag vir die kerk
2. Ds. C. Hattingh: Die kerk en die Heilige Gees.
3. Dr. J. H. Roberts: Kerk en Skrif.
4. Dr. A. J. Venter: Kerk en Belydenis.
5. Ds. V. E. d'Assonville: Kerk en prediking.
6. Dr. A. C. Barnard: Kerk en vervreemding.

WOORD VOORAF

Die kerk van Christus is reeds 2000 jaar in gedrang – soms meer, soms minder. Ons beleef vandag ’n tyd waar dit by hernuwing die geval is.

Dit verg die uiterste van die kerk as kerk. Dit dan in die eerste plek in die vorm van offisiële optrede deur die amptelike vergaderinge van die verskillende kerke. Hierby mag dit egter nie eindig nie: die kerk van Christus is meer as sinodes, meer as kerkvergaderings. Elke gelowige is ten diepste by die onverbiddelike stryd om die kerk as voorpos van die koninkryk van God betrokke.

In hierdie verband sou hierdie reeks ’n beskeie bydrae wou lewer. Die sentrale tema, die kerk van Christus, word behandel vanuit ’n verskeidenheid gesigspunte in ’n reeks kort brosjures waarvan hiermee dan die eerste verskyn. Dit egter sonder enige teologiese pretensie. As daarin geslaag word om in populêr-wetenskaplike taal enkele kern-gedagtes te ontvou en tot verdere nadenke te stimuleer, het die opset aan sy doel beantwoord.

Hoewel elke brosjure uitsluitlik die verantwoordelikheid van elke skrywer is, kon veel geput word uit onderlinge samespreking. Bowendien – en veral – word alles gedra deur ’n gemeenskaplike liefde vir die kerk van Christus, in onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die onfeilbare Woord van God. As hieraan nog iets by wyse van nadere verduideliking toegevoeg moet word, laat dit dan dit wees: wat die kerklike betref, staan alle skrywers op grondslag van die Drie Formuliere van Enigheid; op maatskaplike gebied is die Christelik-nasionale lewensbeskouing die vergestaltung van die gemeenskaplike oortuiging.

Die gedagte tot hierdie reeks het ontstaan by ’n aantal predikante wat op verskillende wyse met mekaar in aanraking gekom het. Hierdie ontmoeting het uitgegroei tot ’n gemeenskap van studie en gebed oor die nood van die kerk van Christus in ons tyd: ’n gemeenskap wat nie na binne gekeer durf wees nie, maar kragtens die amp van die gelowige profeties wil getuig in die tyd waarin ons lewe.

Wie weet dat hulle saam moet getuig omdat hulle die één stem van die Woord van God hoor, laat hulle dit doen van ganser harte!

En mag God gee dat hierdie getuienis waarlik alleen sý getuienis sal wees, en dat dit gehóór mag word met die hart, en beleef mag word met die dáád!

V. E. D'Assonville.

J. H. Roberts.

T. van der Walt.

I

DIE NUWE BELANGSTELLING

Sedert die einde van die Eerste Wêreldoorlog heers daar 'n ongekeerde belangstelling in die teologiese vrae wat met die wese en bestaan van die kerk in die wêreld saamhang. Hierdie belangstelling is nie tot een konfessionele groep beperk nie, maar kom in Protestantse, Anglikaanse, Oosters-Ortodokse en Rooms-Katolieke kringe met bykans eweveel intensiteit na vore. Die einde van die stroom publikasies oor die kerk is seker nog lank nie in sig nie, ten spyte van die feit dat dit selfs nou al 'n onbegonne taak is om 'n volledige oorsig te gee oor alles wat gedurende die afgelope halwe eeu oor hierdie onderwerp gepubliseer is.

Hierdie nuwe belangstelling moet die kerk ten goede kom. Die vraag wat die kerk presies is en wat sy gestalte en funksie in die wêreld moet wees, het beslissende betekenis vir die lewe en optrede van die kerk. Dit is opmerklik dat die Nuwe Testament nêrens aan ons 'n algemene uiteensetting oor die wese van die kerk bied nie, maar feitlik deurgaans in vermanende gedeeltes oor die kerk spreek, en wel met die kennelike bedoeling om die kerk op te roep om te word wat hy na sy diepste wese is en moet wees. Daaruit is dit reeds duidelik dat dit vir die lewe en arbeid van die kerk van die grootste belang is dat hy sy ware wese reg sal verstaan. Daarom is dit van soveel belang dat daar in ons tyd van alle kante gesoek word na 'n dieper insig in wat die kerk volgens Gods plan en bedoeling is en moet wees.

Natuurlik het nie alles wat oor die kerk geskrywe is, eweveel waarde nie. Dit moet vir ons by voorbaat vasstaan, dat slegs die Woord van God ons die kerk na sy ware aard reg kan laat ken. Die kerk is nie maar 'n menslike maaksel nie, maar 'n skepping en daad van God in Christus deur die Heilige Gees. Daarom moet die waarheid aangaande die kerk aan ons geopenbaar word. Die waarheid aangaande die kerk is geloofswaarheid. Ons sal die waarheid aangaande die kerk nooit kan leer ken deur die kerk as 'n historiese grootheid wat in die wêreld bestaan, van buite of van binne af te probeer bestudeer nie. Wat die kerk is, moet deur Gods Woord aan ons geleer word. Daarom kan die kerk alleen baat by die huidige belangstelling, as dit 'n belangstelling is in wat die Skrif ons van die kerk leer. Gelukkig is dit waar dat die nuwe belangstelling in die kerk feitlik oor die hele linie gepaard gegaan het met 'n beweging terug na die Skrif. Tog is dit óók waar dat daar soms met allerlei remminge na die Skrif geluister word, sodat die stem van die Skrif maklik gesmoor raak deur allerlei vooropgesette idees en tradisionele standpunte of verswelg raak onder die dreun van modekrete. Daarom het alles wat oor die kerk geskrywe is, nie dieselfde waarde nie.

En tog, selfs al is dit die geval, is dit reeds meer as duidelik dat die nuwe belangstelling in wat die Skrif ons aangaande die kerk leer, in meer as een opsig gevoer het tot 'n herontdekking van egte Bybelse grondwaarhede oor die kerk wat selfs beweging moes bring in die oppervlakkige denkbeelde van die liberale teologie aan die een kant, en die versteende opvattinge van die Rooms-Katolieke teologie aan die ander kant. Elke ernstige poging om na die getuienis van die Skrif aangaande die kerk te luister, bring 'n mens haas vanself in die omgewing van die insig van die Kerkhervormers in die wese van die kerk. Dit sou moontlik wees om uitvoerig aan te toon dat dit ook in die nuwe studies oor die kerk by teoloë van die uiteenlopendste kerklike agtergrond die geval is. Dit is egter onmoontlik binne die bestek van hierdie kort geskrif. Ons stel ons slegs ten doel om hier enkele oriënterende opmerkinge te maak wat kan laat sien hoedat die nuwe belangstelling in die leer aangaande die kerk geweldige perspektiewe geopen het. Daarby moet ons onself egter drasties beperk. Daarom handel ons slegs oor drie aspekte van die leer aangaande die kerk waarin die winste van die nuwe studie oor die kerk die duidelikste

afsteek teen die opvattinge van die negentiende eeu. Hierdie drie aspekte is: (a) die verhouding tussen Christus en die kerk, (b) die gestalte van die kerk in die wêreld en (c) die roeping van die kerk. Ons sluit ons opmerkinge daarby opsetlik aan by wat ons belydenisskrifte oor die kerk leer, omdat ons van oortuiging is dat die nuwe insigte ons kan help om die formuleringe van ons belydenisskrifte in hulle Bybelse suiwerheid te waardeer, maar ook omdat ons glo dat dit ons kan help om oor die vraag na te dink of ons belydenisskrifte nie op bepaalde punte verdiep en aangevul kan word nie.

II

CHRISTUS EN SY KERK

Die belangrikste herontdekking van die nuwe Skrif-ondersoek in verband met die kerk is dat *die onverbreekbare eenheid tussen Christus en Sy kerk* weer raakgesien is.

Volgens die opvattinge wat gedurende die negentiende en begin van die twintigste eeu in wye kringe geheers het, is daar tussen Christus en die kerk geen direkte verband nie. Trouens, Christus sou nooit bedoel het om 'n kerk te stig nie. Hy was die Verkondiger van 'n onsigbare Godsryk waaraan mense deur hulle persoonlike beslissings deel moes kry. Omdat Hy verwag het dat Hy spoedig op die wolke sou kom, het Hy gevolglik nie bedoel dat Sy dissipels hulle van die bestaande tempel en sinagoges moes afskei nie. Oor 'n gemeente en veral oor gemeentelike organisasie kon Christus dus geen voorskrifte gegee het nie. Tekste soos Matteus 16: 18 waar Christus spreek van “my gemeente” kon dus nie as eg aanvaar word nie. Die kerk is van menslike oorsprong. Die afsonderlike gelowiges het, veral toe die wederkoms nie plaasvind nie, uit praktiese oorwegings vrywillig verenig tot godsdienstige verenigings of gemeentes en hulle so van die sinagoges afgeskei. Ter wille van die goeie orde het elke plaaslike gemeente sy eie voorgangers gekies. Eers langsamerhand het die plaaslike gemeentes vrywilliglik saamgesluit tot 'n losse konfederasie van gemeentes. Deur die inwerking van allerlei historiese faktore het die voorgangers van die plaaslike gemeentes egter hoe langer hoe meer ontwikkel tot die latere kerklike ampte, en die uiteinde van die proses was die groot Roomse eenheidskerk en hiërargie. Waar Christus dus 'n onsigbare Godsryk verkondig het, het daar in die geskiedenis, teen Sy bedoeling in, 'n mensgemaakte kerk gekom.

Die agtergrond van hierdie soort siening is bekend. Dit is die liberalisme wat in die tyd van die sg. Verligting gebore is. Die grondkenmerk van die Verligting was dat dit die mens tot maatstaf van alle dinge verhef het en daarmee welbewus die onderwerping aan die gesag van die Woord van God verwerp het. Hierdie dwaling van die Verligting het ook op die kerk en teologie 'n geweldige invloed uitgeoefen. Ook in die teologie is die menslike rede dikwels tot maatstaf verhef en is die Woord van God op die agtergrond geskuiwe. Selfs waar dit egter nie die bedoeling was om so ver te gaan nie, het die teologie nie aan die suigkrag van die Verligting ontkom nie, en die mens in die middelpunt van die teologiese denke geplaas. Dit kon soveel makliker gebeur, omdat daar sedert die sewentiende eeu 'n magtige vroomheidsbeweging, bekend as die Piëtisme, as reaksie teen die dorre ortodoksie en dogmatisme van die kerk van daardie dae na vore gekom het. Ook by die Piëtisme was die grondfout egter dieselfde: die mens, in hierdie geval die vrome, wedergebore mens, is as uitgangspunt van die teologiese denke geneem. Die negentiende eeu was, teologies gesien, die voortsetting van die beweging wat in die Verligting en die Piëtisme gebore is. Die individuele mens en sy verhouding tot God het op die voorgrond gestaan. Die godsdiens kon alleen waardeur word as die godsdiens van die siel. Vandaar dat die negentiende eeu ook die boodskap van die evangelie nie anders kon interpreteer, as dat Christus die onsigbare Godsryk verkondig het, waaraan individuele mense deur hulle persoonlike beslissinge deel kry nie. Vandaar dat die kerk eintlik nie meer 'n plek in die teologiese denke kon verkry nie, maar verklaar moes word as 'n verkeerde ontwikkeling. Waar die kerk nog waardeur is, is dit verstaan as die produk van die vrywillige saamkom van 'n aantal individuele Christene. Die kerk het 'n vereniging, 'n genootskap geword soos enige ander menslike genootskap. Die individuele gelowige gaan aan die kerk vooraf. Die geloof is die persoonlike saak van mense afsonderlik. Die somtotaal van afsonderlike gelowiges vorm die onsigbare kerk of geestelike Ryk van God. Die sigbare “kerkgenootskappe” kan hoogstens betekenis hê as die min of meer toevallige vorme waarin die onsigbare geestelike Ryk ten

gevolge van die vrywillige vereniging van 'n aantal individuele Christene op aarde na vore tree.

In talle variasies op hierdie tema het die meeste Protestantse vakteoloë oor die kerk gesprek tot ongeveer die einde van die eerste kwart van hierdie eeu. Dan tree daar egter 'n kentering in. Allerlei faktore sal daarby wel 'n rol gespeel het. Die twintigste eeu met sy ontnugterende oorloë en diepgaande omwentelinge adem immers 'n ander gees as die negentiende eeu met sy stralende optimisme en liberale verheerliking van die mens. Die dialektiese teologie breek in die twintigerjare deur as 'n vlymskerpe reaksie teen die negentiende eeu met sy klem op die godsdiens van die innerlike en die mens as die uitgangspunt van die teologiese denke. Van alle kante word die nuwe slagkreet gehoor: Terug na die Woord! Die opkomende ekumeniese beweging bring in dieselfde tyd die vraag na die wese en roeping van die kerk onontwykbaar voor die aandag van die Christenheid. Dit word duidelik dat daar in die uitleg van die Skrifuitsprake oor die kerk nuwe weë bewandel sal moet word om aan alle gegewens reg te laat geskied. Rondom die begrip *ekklēsia* (gemeente, kerk) ontstaan daar 'n lewendige gesprek. Langsamerhand groei daar 'n groot mate van ooreenstemming oor die uitleg van die getuienis van die Bybel aangaande die kerk, wat op beslissende punte van die standpunt van die negentiende eeu verskil.

Die sentrale punt in die nuwe Skrifuitleg is die standpunt dat Christus volgens die Nuwe Testament inderdaad 'n kerk wou stig, en wel as 'n sigbare gemeenskap van mense, die volk van God van die laaste dae. Indien Christus waarlik die Messias is, dan vloei daaruit vanself voort dat Hy ook 'n volk moet hê, want die Messias-begrip sluit logies die begrip in van die volk oor wie die Messias-koning moet regeer. Daarom moet die kerk verstaan word vanuit die Messias. Die leer aangaande die kerk lê ingebed in en vloei voort uit die leer aangaande die Messias. Op hierdie stramien is in die afgelope vyftig jaar onvermoeid voortborduur. Met 'n oorweldigende mag van gegewens uit die Nuwe Testament word dit telkens van ander kante uitgewerk en bevestig, dat die leer aangaande die kerk (ekklēsiologie) gebou moet wees op die leer aangaande Christus (Christologie), en dat die Christologie die ekklēsiologie noodwendig moet insluit, anders is dit vals. Hierdie nuwe kyk op die kerk beteken egter die dood van die liberale individualistiese verstaan van die kerk, asof die kerk die produk sou wees van 'n aantal losstaande individue wat vrywillig saamsluit om die kerk te vorm of te "stig". Die kerk is dan immers in Christus as 'n eenheid gegee wat aan die individuele lede voorafgaan en hulle omvat. Sonder dat ons wil beweer dat alles wat in die verband geskrywe is, deur ons aanvaar kan word, en sonder om verder in te gaan op die ontwikkeling van die gedagtes gedurende die afgelope vyftig jaar, wil ons hier slegs konstateer dat hierdie nuwe visie op die kerk deur ons verwelkom moet word as in die algemeen in ooreenstemming met die Skrif en ons belydenis. Enkele opmerkinge in dié verband sal voldoende wees om aan te toon dat die Bybel en ons belydenisskrifte die innige eenheid tussen Christus en die kerk met groot helderheid beklemtoon.

Vanuit Christus

Wie oor die kerk wil praat, moet begin daarmee om van Christus te praat. So doen ons belydenisskrifte dit ook. Wanneer die Heidelbergse Kategismus in Sondagsafdeling 21 moet antwoord op die vraag wat die kerk is, begin hy met die woorde: "Dat die *Seun van God* uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente vergader ..." Christus en Sy daad staan daarby voorop. Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar dat Christus 'n ewige Koning is wat *nie sonder onderdane kan wees nie*, en lei daaruit af dat die kerk dus van die begin van die

wêreld af moes bestaan het en daar sal wees tot aan die einde toe (art. 27). Vanuit Christus word daar dus oor die kerk gespreek, want wie oor Hom spreek, is daarmee alreeds besig om ook te spreek oor diegene wat as Sy volk aan Hom verbind is.

Dit is waar dat die benaming wat van Christus in die Skrif gebruik word, Hom as Persoon aandui, maar dit is opvallend dat die meeste van die benaminge Sy verhouding tot die kerk uitdruk. Word Hy die Gesalfde (Messias) genoem, dan is dit omdat Hy gesalf is om in Sy drievoudige amp van Profeet, Priester en Koning Sy volk te vergader. Word Hy die lydende Knecht van die Here genoem, dan is dit omdat Sy lyding 'n lyding is ter wille van sy volk (vgl. Jes. 53). Word Hy Jesus genoem, dan is dit omdat Hy Sy volk van hulle sondes sal verlos (Matteus 1:21). Hy is die Goeie Herder, omdat Hy Sy lewe aflê vir Sy skape (Joh. 10:11, 15). Hy is die Seun van die Mens, omdat Hy Hom met die mens in sy nood en ellende vereenselwig het ten einde die mens te voer tot die verlossing en die ewige Ryk (vgl. Dan. 7).

Daarom is dit duidelik dat alles wat Christus as die Gesalfde gedoen het en alles wat met Hom gebeur het, betekenis het vir Sy volk, die kerk. In Sy geboorte, aardse omwandeling, lyding en verheerliking is die gemeente in Hom begrepe. Sy lewe was van voor tot agter 'n *plaasvervangende* lewe, en Sy sterwe was 'n *plaasvervangende* dood. Nie om Sy eie ontwil is Hy gebore, het Hy die Vader in alles gehoorsaam, het Hy gely en gesterwe nie, maar om ons ontwil. Dit kon Hy alleen doen, omdat Hy ons volledig *verteenwoordig* en ons in Homself *insluit*. Daar het in die jongste tyd veel meer begrip gekom vir wat H. Wheeler Robinson die Ou-Testamentiese opvatting van die “corporate personality” genoem het. Dit kom daarop neer dat die volk as 'n eenheid beskou word, en wel 'n eenheid van so 'n aard, dat die hele volk deur een persoon, die leier, woordvoerder of verlosser van die volk, verteenwoordig kan word en met hom vereenselwig kan word, sodat wat met daardie één persoon gebeur, vir die hele volk geld en die daad van daardie één persoon die hele volk toegereken word. Ons kan dus sê dat die hele volk as liggaam *korporatief* in die één verteenwoordiger begrepe is. Dit blyk nou dat hierdie begrip 'n groot rol speel by die spreke van die Nuwe Testament oor die eenheid van Christus en die kerk. Dit gebeur met name waar Paulus Christus en Adam teenoor mekaar stel en laat sien dat Christus en Adam elkeen op sy beurt en wyse as verteenwoordiger kan geld van diegene wat in hulle begrepe is.

Soos die ganse mensdom as eenheid in Adam ingesluit en deur hom verteenwoordig is, sodat sy sondeval die hele mensdom onder die oordeel van die dood stel, so is die nuwe mensheid, die kerk, as eenheid in Christus begrepe, met die gevolg dat Sy voldoening en geregtigheid vir die hele nuwe mensheid geld. Daaroor handel Paulus uitvoerig in Rom. 5:12-21. Die beslissing het vir die kerk eens en vir altyd in Christus geval, soos dit vir die verdorwe mensheid in Adam geval het. Daarom kan Paulus met soveel duidelikheid spreek oor die ingeslotenheid van die gelowiges in die dood, opstanding en hemelvaart van Christus (Rom. 6 en Ef. 2) en is dit vir hom 'n werklikheid waaraan nie getwyfel kan word nie, dat as een vir almal gesterwe het, hulle dan almal gesterwe het (2 Kor. 5:15). Hierdie eenheid tussen Christus en Sy kerk berus daarop dat God Hom Here en Christus gemaak het (Hand. 2:36), Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee het (Ef. 1:22) en aan die ander kant weer die gemeente aan Christus gegee het (vgl. Joh. 6:37, Joh. 17:6). Dit is gewortel in Gods ewige verkiesing, waarin God die verband gelê het tussen Christus en die gemeente. Daarom verklaar Paulus dat God ons *in Christus* voor die grondlegging van die wêreld *uitverkies* het (Ef. 1:4). Wanneer Paulus dan ook in Rom. 5:18 verklaar dat, net soos die een misdaad van Adam vir alle mense die veroordeling beteken het, so ook die geregtigheid van Christus vir “alle mense” tot regverdig-making strek, dan moet ons hierdie “alle mense” verstaan as: “alle mense wat kragtens Gods verkiesing aan Christus gegee is en dus in Hom begrepe is”. Op hierdie wyse is Christus en Sy kerk onlosmaaklik aan mekaar

verbonde, omdat Hy kragtens Gods verkiesing die kerk as 'n eenheid in Homself saamsluit en verteenwoordig.

Die hoof en die liggaam

Oor die aanduiding van die kerk as “die liggaam van Christus” is daar gedurende die afgelope veertig jaar veel geskrywe. Deurgaans word dit beklemtoon dat hierdie benaming vir die kerk op 'n besondere manier die eenheid tussen Christus en die kerk wil onderstreep. Daar is egter heelwat verskil oor die vraag hoe hierdie eenheid verstaan moet word. By sommige Anglikaanse, Rooms-Katolieke en Protestantse teoloë tref ons die opvatting aan dat hierdie aanduiding van die kerk daarop wys dat die eenheid tussen Christus en die kerk van 'n “fisiese” aard is: Christus en die kerk vorm saam een organiese geheel, waarvan Hy die Hoof en die kerk die liggaam is. Soms word daar 'n verband gelê tussen die fisiese liggaam van Christus en die kerk, en word gesê dat die kerk die voortsetting van die vleeswording van Christus is, Sy aardse verskyningsvorm of bestaanswyse. Hierdie gedagte lei weer maklik daartoe om Christus en die kerk te identifiseer (sic) en te sê dat die kerk die fisiese aanvulling van die menslike natuur is wat Christus uit die skoot van Maria aangeneem het, sodat ons in Christus en die kerk wesenlik te doen het met een Persoon, die mistieke Christus of Groot-Christus.

Hoe wyd verbreid hierdie soort opvatting egter ook mag wees, 'n saaklike en objektiewe uitleg van wat die Skrifuitsprake oor die liggaam van Christus bedoel, maak dit hoe langer hoe meer duidelik dat dit on-Bybels is om die eenheid tussen Christus en die kerk op die wyse te verstaan. Op grond van alles wat die Skrif ons in die verband leer, moet ons vasstel dat die aanduiding van die kerk as die liggaam van Christus nie bedoel om te sê dat Christus en die kerk saam een lewende geheel vorm, sodat die eenheid in allerlei organiese en fisiese terme beskryf kan word nie, maar dat hierdie aanduiding van die kerk in wese dieselfde wil sê as die Adam-Christus-parallel waarvan ons hierbo gespreek het.

Wanneer Christus die Hoof van Sy liggaam, die kerk, genoem word (vgl. Ef. 1:22-23; 4:15; 5:23; Kol. 1:18; 2:19), dan sien dit daarop dat Christus as die Tweede Adam die kerk in Homself insluit en dus die kerk verteenwoordig. Soos Adam die hoof is van die verlore mensheid en elke Adamskind voortaan, kragtens sy beslotenheid in Adam, behoort tot die *liggaam van die dood* (vgl. Rom. 7:24) of te wel die mensheid wat onder die mag van die dood staan, so is Christus die Hoof van die nuwe mensheid wat in Hom begrepe is en dus Sy liggaam, die *liggaam van Christus*, genoem kan word. Die nuwe mensheid is in Christus geïnkorporeer, net soos die ou mensheid in Adam geïnkorporeer is. Die liggaam van Christus is dan ook niks anders nie, as die geheel van diegene vir wie die geboorte, dood en opstanding van Christus betekenis het, omdat hulle kragtens Gods verkiesing in Christus begrepe was toe Hy destyds in Palestina gebore is, gely, gesterwe en opgestaan het, en vir wie God, kragtens daardie ingeslotenheid in Christus, alles wat Christus vir hulle gedoen het, so volkome toereken, asof hulle dit self gedoen het. As Hoof is Christus dus die Beginsel, die Eersteling in wie die hele kerk begrepe is. Toe die lewe in Hom as die Eersteling deurgebreek het, toe was dit vanself ook duidelik dat die lewe aan almal wat deur God aan Hom verbind is, ten deel sou val (vgl. 1 Kor. 15:20 e.v.). Wanneer daar in die briewe van Paulus soveel gespreek word oor in Christus, omdat die gelowiges in Christus is en in Hom aan al Sy skatte en gawes deel het, dan gaan dit om dieselfde saak. Die gelowiges is lede van Christus (vgl. 1 Kor. 6:15; Ef. 5:30), omdat Hy hulle groot Plaasvervanger en Verteenwoordiger is, in wie hulle lot eens en vir altyd beseël is.

Die Hoof regeer

Intussen is dit egter ook duidelik dat Paulus van Christus as die Hoof van die kerk kan spreek in 'n ietwat ander sin, en wel om Christus daarmee aan te dui in Sy *heerskappy oor die kerk* (vgl. veral Ef. 1:22; 5:23-24). Hierin is Christus immers anders as Adam, dat Hy nie soos Adam eenmaal gelewe het en toe van die toneel verdwyn het nie, maar dat Hy as die opgewekte en verheerlikte Heiland lewe om Self sorg te dra daarvoor dat Sy lede wat in Hom korporatief begrepe is, in die loop van die geskiedenis versamel word tot 'n konkrete eenheid wat in die wêreld as Sy gemeente lewe. Daarom is Christus nie net die Beginsel en Verteenwoordiger van Sy kerk nie, maar ook die Regeerder daarvan wat dit oomblik na oomblik in Sy hand hou en daarvoor verantwoordelikheid aanvaar dat die kerk ook subjektief moet word wat dit objektief in Hom reeds is. Sy heerskappy is 'n genade-heerskappy. Daarom bestaan dit daarin dat Hy Sy liggaam verlos (vgl. Ef. 5:23) en by die verworwe verlossing beskut en bewaar (Heidelbergse Kategismus, vr. 51). As Hoof van Sy kerk is Christus ook die Oorsprong en Skenker van die lewe wat die kerk lewe.

Dit is op hierdie punt waar dit duidelik word dat daar aanrakingspunte bestaan tussen die beeld van die liggaam en die Hoof as aanduiding van die kerk én ander beelde wat in die Nuwe Testament met die oog op die kerk gebruik word. 'n Mens dink hier vanself aan die beeld van die *wynstok en die ranke* (Joh. 15). Ook daar is dit duidelik dat daar sprake is van 'n eenheid waarby die gelowiges in Christus begrepe is (die wynstok is immers gelyk aan die stam *tesame met die lote*, en tog sê Christus dat Hy die wynstok is en die dissipels die lote). Christus sluit die kerk dus (representatief) in Homself in. Maar dit is uit die geheel ook duidelik dat die eenheid daarin uitgewerk word, dat die lote hulle lewe uit die wynstok ontvang. Hulle moet in die wynstok *bly*, want sonder Hom kan hulle niks doen nie (vs. 4-5). Die kerk het geen bestaan sonder Christus nie, het ook geen lewe buite Hom nie. Slegs wanneer die kerk in Christus en uit Christus lewe, kan hy veel vrug dra. 'n Mens dink egter ook aan die beeld van die *kudde en die herder* (vgl. Luk. 12:32; Mark. 14:27; Joh. 10). Hierdie beeld ontvang sy hele inhoud vanuit die liefde en sorg van die herder vir die skape. Die sorg vir die skape is egter dieselfde as die regering van die herder oor die kudde. Die herder heet juis die *goeie* Herder, omdat Hy Homself tot borg vir die skape stel en Sy lewe vir hulle aflê (Joh. 10:11-15), maar ook omdat Hy Sy eie skape by hulle naam roep, hulle uitlei en voor hulle uit loop, sodat hulle voortdurend na sy stem kan luister (vs. 3-4, 16, vgl. 1 Petrus 2:25). So dink 'n mens ook aan die aanduiding van die kerk onder die beeld van die *bruid*, 'n beeld wat deur Paulus veral in Ef. 5:22 e.v. uitgewerk word. Ook daar is dit duidelik dat die man die hoof is van die vrou, soos Christus die Hoof is van die gemeente, en dat die vrou dus aan die man onderdanig moet wees soos die gemeente aan Christus (vs. 22-24). Dit blyk egter ook dat die heerskappy van die man oor die vrou 'n heerskappy van die liefde is, vol heilige sorg vir die vrou met wie die man in die innigste eenheid verkeer (vs. 25-29). Hierdie verhouding van die man tot die vrou is egter 'n afbeelding van die verhouding van Christus tot Sy kerk. Ook Christus regeer so oor Sy kerk, dat dit één handeling van liefde en tere sorg teenoor die gemeente is. En ook by Christus kom dit daaruit voort, dat Hy met Sy liggaam in die engste moontlike verbondenheid staan, omdat die kerk een vlees met Christus is, aangesien dit uit Hom voortkom en van Hom uit die lewe deelagtig geword het, net soos Eva uit die rib van Adam geskape is en dus van sy vlees en sy bene was (vs. 28-31).

Al hierdie beelde spreek van die verhouding tussen Christus en die kerk. Almal beklemtoon op een of ander manier die eenheid tussen Hom en Sy liggaam. Uit almal blyk dit ook duidelik hoe afhanklik die kerk van Hom is. Sy voortdurende leiding en sorg, Sy voortdurende regering van die kerk is vir die kerk onmisbaar. Om hierdie rede is dit so sinvol dat die Kategismus kan sê

dat die Seun van God self vir Hom 'n gemeente vergader en dit by die verworwe verlossing beskut en bewaar. Hierdie werklikheid word ook in die Skrif uitgedruk deur die beeld van die kerk as 'n *gebou waarvan Christus die hoeksteen is* (vgl. Ef. 2:19-22; Rom. 9:33; 1 Petrus 2:4-8). Dit is waar dat die eintlike bouer in verband met die beeld van die gebou altyd gesien word as God die Vader. Maar die Vader bou die kerk nie anders nie, as op die Seun en deur die Seun. As hoeksteen word Christus gesien as die fondament of grondsteen waarop die kerk rus en deur wie die kerk gedra word. Terselfdertyd is Hy egter ook die beslissende steen van die gebou, die steen wat as rig- en oriënteringspunt vir die ganse opbou van die gemeente dien. Die kerk groei as 't ware op Christus en vanaf Christus, in die nouste betrokkenheid op Hom. Steen na steen word op Hom gelê totdat die gebou eenmaal in sy geheel voltooi sal wees. Dit beteken dat almal wat eenmaal (representatief) in Christus begrepe was, in die loop van die geskiedenis tot die kerk versamel word en in die kerk ingebou word, totdat die kerk eenmaal by die wederkoms van Christus 'n voltooide gebou sal wees, omdat die bouwerk, die vergaderwerk, dan afgehandel sal wees, aangesien al die uitverkorenes dan tot die kerk toegevoeg sal wees. Tot dan bly die lewende Christus direk en persoonlik vir die opbou van Sy gemeente verantwoordelik, omdat Hy as die Hoof van Sy liggaam dit ook regeer en bewaar.

Die lewe in die liggaam

Uit die gebruik wat Paulus van die beeld van die liggaam maak, is dit duidelik dat hy die beeld soms na 'n bepaalde kant verder uitwerk. Hy gebruik dit dan nie net om te laat verstaan dat die liggaam van Christus die nuwe mensheid is wat as 'n geheel in Christus as hulle Hoof begrepe is nie, maar hy gebruik dit ook as 'n beeld om die lewe van die gemeente as 'n konkrete gemeenskap wat in die wêreld lewe, te teken. Dit wil sê, hy vergelyk die liggaam van Christus op aarde met 'n lewende organisme wat as 'n goedsaamverbonde geheel moet bestaan en funksioneer (Rom. 12:3-8; 1 Kor. 12:12 e.v.; Ef. 4:1-7).

Dit is opmerklik dat Paulus nooit, wanneer hy die beeld van die liggaam na hierdie kant toe uitwerk, van Christus as die Hoof daarvan spreek nie, omdat Hy die misverstand wil voorkom dat Christus gesien kan word as één lid van die liggaam, waarmee Hy dan saam één organiese geheel sou vorm. Hy gebruik die uitwerking van die beeld in hierdie rigting altyd net vir één doel, en dit is om te laat verstaan dat *die lewe in die liggaam van Christus* vergelykbaar is met die lewe in 'n organiese grootheid waarvan die afsonderlike dele innig verbonde is as lede van mekaar, op mekaar aangewese is en mekaar moet dien. Die lede van die liggaam van Christus wat in Hom begrepe is, is ook mekaar se lede (vgl. 1 Kor. 12:27; Ef. 4:25). Die gemeenskaplikheid van die begrepenheid van al die gelowiges in Christus het ook konsekwensies vir die lewe van die gelowiges op aarde met mekaar. Kragtens hulle gemeenskaplike begrepenheid in Christus, moet hulle op aarde één lewende gemeenskap wees, waarvan die afsonderlike lede in liefde, eensgesindheid en onderlinge diens met mekaar saam moet lewe soos die lede van één liggaam. Paulus werk hierdie waarheid na verskillende kante uit. Ons volstaan slegs met één voorbeeld. In 1 Kor. 10:17 wys hy daarop dat die eenheid van die gemeente as liggaam van Christus sy grond vind in gemeenskaplike deelname aan die één brood wat die sigbare teken en pand is van die een gekruisigde liggaam van Christus waarin alle gelowiges eenmaal korporatief begrepe was en waaruit die heil vir almal gemeenskaplik vloei. Daarom kan Paulus ook die mees konkrete dinge vir die lewe van die gemeente uit die beeld van die liggaam aflei. Dit is in die besonder moontlik, omdat hy steeds weer by die uitwerking van die beeld van die liggaam na hierdie kant, die Heilige Gees en Sy werking daarby betrek.

Tempel van die Heilige Gees

Al is dit só dat die Heilige Skrif die kerk op 'n besondere manier aan Christus as die Middelaar verbind, is dit tog nie so, dat die Vader en die Heilige Gees nie ook direk by die versameling, regering en bewaring van die kerk betrokke is nie. Ons sal nog die geleentheid hê om stil te staan by die benaming van die kerk as die volk van God waarmee onmisverstaanbaar aangedui word dat die kerk die eiendom en voorwerp van liefde van die Drie-enige God is. Daarom is dit geen teenstelling nie, maar noodwendig in ooreenstemming met sy prediking as Paulus so dikwels oor die werking van die Heilige Gees in verband met die liggaam van Christus spreek (vgl. 1 Kor. 6:17; 1 Kor. 12, Ef. 4:4). Ook ons Kategismus verklaar immers dat die Seun van God Sy gemeente deur die werking van die Heilige Gees vergader. Wat in Christus objektief vir die kerk verkry is, word deur die werking van die Heilige Gees subjektief in die lewe van die gelowiges uitgewerk en toegepas. In en deur die Heilige Gees is die opgewekte Christus Self in Sy kerk teenwoordig om daarin te regeer, dit op te bou en dit te voer tot die volle besit van alles wat Hy daarvoor verkry het. Die Heilige Gees bring dus die lewe van Christus in die lede van Sy liggaam tot stand. Deur die Heilige Gees word die lede van die liggaam geroep (Ef. 4:4) en onderling saamverbind tot 'n eenheid, omdat Hy al die lede deurdring (1 Kor. 12:13). Hy is dit ook wat die verskillende Geestesgawes aan die lede van die gemeente meedeel en langs die weg sorg vir die noodsaaklike toerusting van die gemeente vir sy eie bestaan en opbou (vgl. 1 Kor. 12:4-11). Daarom kan Paulus ook die kerk eenvoudig-weg die *tempel van die Heilige Gees* noem (vgl. 1 Kor. 3:16-17) of 'n *woning van God in die Gees* (Ef. 2:22). Die beeld van die kerk as die liggaam van Christus en die van die kerk as die tempel van die Heilige Gees gaan telkens in mekaar oor en hang ten nouste saam. Dit is die geval, omdat die Heilige Gees in die kerk as die liggaam van Christus woon en dit deur Sy inwoning heilig tot 'n tempel van God.

Die volk van God

Dit is duidelik dat die Nuwe Testament met al die verskillende beelde wat ons tot dusver genoem het, die kerk na sy wese wil aandui as *die nuwe mensheid* wat in Christus die verlossing deelagtig geword het deur die Heilige Gees. Sonder om beeldspraak te gebruik, kan die Nuwe Testament hierdie nuwe mensheid, die kerk, die beste aandui wanneer gepraat word van die volk van God. Die benaming vir die kerk gaan terug op die Ou Testament, waar van Israel gespreek word as die volk van God.

By die aanduiding van Israel as die volk van God speel die begrip van Israel as 'n natuurlike volksverband, as die natuurlike nasate van Abraham in onderskeiding van ander volkere, beslis 'n rol. Dit is egter duidelik dat die bepalende faktor daarvoor dat Israel die volk van God is, nie geleë is in die natuurlike faktore van bloed en afstamming nie, maar in die bepaalde verhouding waarin God Homself deur Sy verkiesing tot hierdie volk gestel het. Daarom is dit ook moontlik dat die grootste deel van Israel, hoewel na die vlees nog die Joodse volk en nasate van Abraham, op 'n bepaalde moment nie meer die Godsvolk kan wees nie, en kan word tot "nie-my-volk-nie" (Hosea 1:9), omdat die ware verhouding tot God by die volk ontbreek. Maar juis daarom is dit ook moontlik dat die volk van God op 'n bepaalde moment veel groter kan word as die natuurlike afstamming van Abraham, omdat God ook die heidene kan roep en hulle in die eenheid van Sy volk kan insluit (vgl. Hand. 15:14). Wat deur die profete van oudsher voorspel is, nl. dat God by die meerderheid van die natuurlike nasate van Abraham verby sal gaan, en dat Hy diegene wat nie sy volk was nie, sal roep en by Sy volk sal voeg, word in die Nuwe

Bedeling 'n werklikheid (vgl. Rom. 9:22-33). Almal is nie Israel wat vleeslik Israel is nie (Rom. 9:6), maar hulle is waarlik Israel en die volk van God, wat in die geloof van Abraham deel (vgl. Gal. 3:26 e.v.). Die heidene wat tot bekering kom, word ingeënt in die ou stam van die olyfboom, die volk van God van die Ou Testament (vgl. Rom. 11:17 e.v.). Gods beloftes aan Abraham word dus nie vernietig wanneer die grootste gedeelte van Israel na die vlees ophou om Gods volk te wees nie, maar dit word op 'n nuwe en wonderlike manier vervul deur die toevoeging van die heidene tot die eenheid van die volk van God. Die kerk as volk van God ken dus nie meer grense wat met natuurlike volksgrense saamvat nie. In geen enkele opsig is die lidmaatskap aan 'n bepaalde natuurlike volk in biologiese of staatkundige sin meer bepalend vir die samestelling van die volk van God nie. Bepalend daarvoor is slegs die verbondenheid aan Christus deur 'n ware geloof. Die belofte van God dat al die gedagte van die aarde in Abraham geseën sal word (vgl. Gen. 12:3 en Gen. 17), gaan heerlik in vervulling wanneer Petrus op die Pinksterdag mag aankondig dat die belofte van die Heilige Gees ook bedoel is “vir almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Hand. 2:39). Die middelmuur van skeiding is afgebreek en in Christus word diegene wat vroeër ver was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, tot medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, sodat die eenheid van die nuwe Godsvolk, die “een nuwe mens” duidelik aan die lig tree in die kerk wat bestaan uit Jode en heidene (vgl. Ef. 2:11-22). Daarom verstaan die kerk homself in die Nuwe Testament kennelik as die ware volk van God, die ware Israel (Gal. 6:16; Rom. 9:6), die ware nageslag van Abraham (Gal. 3:29), die ware besnydenis (Fil. 3:3) en die ware tempel van God (1 Kor. 3:16). *Met al hierdie uitdrukkings word die kerk geteken as 'n organiese grootheid, as 'n lewende eenheid van mense wat op die innigste manier ouderling verbonde is kragtens hulle verbondenheid aan God in Christus deur die Heilige Gees, waardeur hulle afgesonder is van die res van die wêreld tot 'n eenheidsverband met 'n eie identiteit wat nie prysgegegee mag word nie* (vgl. 1 Petrus 2:9-10 en 2 Kor. 6:14-18).

Ekklesia

Wanneer die Nuwe Testament van die *ekklesia* (gemeente, kerk) praat, moet ons dit in hierdie sin verstaan. Die *ekklesia* is die volk van God. Meermale is die woord *ekklesia* etimologies ontleed, met die gevolg dat gesê is dat ons daarby moet dink aan die werkwoord *ekkalein*, uitroep. Die *ekklētoi* is dan diegene wat uit die wêreld uitgeroep is, en die *ekklesia* is die vergadering van almal wat deur Christus geroep en versamel is tot Sy gemeente. Hoe mooi hierdie etimologiese verklaring egter ook is, wil dit tog voorkom asof die Nieu-Testamentiese skrywers nie hierdie afleiding in hulle gedagte gehad het toe hulle die woord gebruik het nie. Feit is immers dat die Nuwe Testament nêrens die woorde *ekkalein* en *ekklētoi* met die *ekklesia* in verband bring of selfs eers gebruik nie. In 1 Petrus 2 waar daar sprake is van die roeping uit die duisternis na die lig, ontbreek die woord *ekklesia* geheel-en-al. Op grond daarvan is dit baie meer voor die hand liggend dat ons *ekklesia* moet verstaan as 'n tegniese term wat deur die Nieu-Testamentiese skrywers uit die Griekse Vertaling van die Ou Testament oorgeneem is, waar dit gebruik word om die vergadering van Gods volk, die *qahal*, aan te dui. Anders as in profaan-Grieks, waar *ekklesia* 'n volksvergadering aandui wat op 'n bepaalde plek en tyd byeenkom en weer uiteengaan, dui *ekklesia* in die Ou Testament (veral in Deuteronomium en die Kronieke) die Godsvolk aan in sy blywende bestand as volk wat aan God behoort. In die Nuwe Testament word dit in hierdie sin oorgeneem as aanduiding van die ware volk van God wat in die laaste dae deur die optrede van die Messias versamel word in onderskeiding van die vleeslike Israel.

Die kenmerkende van die ekklesia is, dat dit die volk *van God* is, Sy eiendom. Die Nuwe Testament gebruik dikwels die omskrywing *van God* of *van Christus* om die ekklesia te onderskei van elke ander versameling van mense, en selfs waar hierdie toevoeging nie uitdruklik gemaak word nie, moet dit nog daarby verstaan word (vgl. Hand. 20:28; Rom. 16:16; 1 Kor. 10:32 ens.). Die Nuwe Testament ken geen byvoeglike naamwoord waarmee die kerk omskryf word (bv. Griekse, Romeinse kerk ens.) nie. Die kerk is die kerk van God of van Christus, niks anders nie. Daarom is die woord kerk (wat waarskynlik afgelei is van *kuriake* = die Here s'n) 'n sinvolle aanduiding van die ekklesia. Ook Christus self het groot klem gelê op hierdie absolute verbondenheid van die kerk aan Homself. In Matth. 16:18 spreek Hy uitdruklik van MY gemeente. Dit is die taal van die Messias wat gekom het om Sy volk van hulle sondes te verlos (Matth. 1:21). Deurgaans blyk dit uit die evangelies dat Hy besig is om Sy volk te vergader, soos met name ook die sendingbevel van Matth. 28:18-20 (met die beloftes daarby) geen twyfel daaroor laat nie, dat die lewende Christus self met die gestuurdes meegaan om in Sy krag Sy gemeente op te bou. Die kerk en die Christus is onlosmaaklik op mekaar betrokke en aan mekaar verbonde.

Gevolgtrekkings

Op grond van die bostaande kan ons nou sê:

- (a) Die Bybel leer dat Christus en die kerk één is, Christus kan nooit sonder sy kerk wees nie. Die leer aangaande die kerk is dus met die leer aangaande Christus gegee. Enige opvatting wat hieraan geen reg laat geskied nie, moet als vals verwerp word.
- (b) Die Bybel leer dat die kerk as die organiese geheel van alle uitverkorenes, die nuwe mensheid en die volk van God, in Christus as Hoof en Tweede Adam begrepe is. Daardeur deel die kerk nie alleen in alles wat Christus verkry het nie, maar is dit ook die onvervreembare eiendom van Christus alléén, en (as grootheid wat alle eeue en plekke omspan) in Christus 'n onverdeelbare eenheid.
- (c) Die Bybel leer dat wat in Christus van die kerk waar is, deur die Heilige Gees in die loop van die geskiedenis konkreet uitgewerk en waargemaak word. Deur die werking van die Heilige Gees word die kerk op aarde wat hy in Christus is. Daarom word die wáárheid van wat die kerk deur sy begrepenheid in Christus is, vir die kerk tot 'n gebod van wat hy prakties en daadwerklik, op aarde moet wees: die eiendom van Christus wat as één lewende gemeenskap in liefde, eensgesindheid en onderlinge diens wandel.
- (d) Die negentiende-eeuse individualistiese verstaan van die kerk as 'n vrywillige vereniging van individuele gelowiges is in stryd met die Skrif. Die kerk moet vanuit Christus gesien word, nie vanuit sy lede nie. Alleen dan word dit ook weer moontlik om reg te doen aan die verhouding tussen kerk en verbond. Vir die individualistiese denke het die verbond geen waarde nie, maar vir die Bybelse kerkbegrip is dit fundamenteel, omdat dit beklemtoon dat God nie los individue red nie, maar die nuwe mensheid as 'n organiese geheel.
- (e) Wanneer ons belydenisskrifte die kerk beskryf as die heilige vergadering van gelowiges in Christus of die vergadering van uitverkorenes tot die ewige lewe (Nedl. Geloofsbelydenis, art. 27 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 21), is dit volkome korrek. Dit mag egter nie individualisties opgeneem word nie. Waar ons belydenisskrifte so suiwer is in die belydenis van die eenheid tussen Christus en die kerk, moet ons dit ook hier só verstaan, dat daarmee nie bedoel word dat die kerk eers ontstaan wanneer die individuele gelowiges (wie se bestaan as gelowiges aan die kerk sou voorafgaan) agterna om een of ander sekondêre rede saamgevoeg

word nie. Die kerk is 'n organiese geheel wat as eenheid aan die individuele gelowiges voorafgaan en as “moeder” selfs die gelowiges voortbring (Calvyn). Reeds Bavinck het die individualistiese opvatting in hierdie verband grondig van die hand gewys (vgl. sy *Geref. Dogmatiek*, IV, 264, 311 ens.).

III

DIE GESTALTE VAN DIE KERK

Ook die vraag na die gestalte waarin die kerk in die wêreld na vore tree, het in die afgelope dekades weereens druk bespreking uitgelok. Ons let net eers weer kortliks daarop hoe die negentiende eeu dié vraag beantwoord het.

Tevore het ons reeds daarop gewys dat die teologie van die negentiende eeu en die eerste kwart van die twintigste eeu, altans wat die Protestantse kringe oor die algemeen betref, in 'n groot mate gelewe het uit die liberale erfenis van die Verligting en die Piëtisme. Die individuele mens, in hierdie geval dan die individuele gelowige of wedergebore mens, het in die middelpunt gestaan. Christus het 'n onsigbare Godsryk verkondig waaraan individuele mense deur hulle persoonlike beslissings 'n aandeel kry. Die somtotaal van individuele gelowiges is die onsigbare kerk of geestelike vereniging van alle ware wedergeborenes of ook die onsigbare Godsryk. Onder invloed van die idealistiese wysbegeerte is dit ook genoem die *idee* van die kerk. Die sigbare kerk daarenteen is die produk van die feit dat die individuele gelowiges hulleself vrywillig in sigbare genootskappe tot bevordering van die godsdienste verenig. Dit is die gebrekkige *verskyningsvorm* van die onsigbare idee. Dit is van menslike menslike oorsprong en kan daarom nooit gelykgestel word met die kerk as idee, die kerk as onsigbare grootheid, wat die ware kerk is nie.

Dat hierdie liberale opvattinge vérgaande konsekwensies vir die sigbare gestalte van die kerk met hom meebring, is vanself duidelik. Indien dit waar is dat die sigbare kerk maar van menslike oorsprong is, maak dit nie veel saak in watter vorm die kerk homself inrig nie. Dit hang dan maar af van die vraag wat vir die meerderheid van die lede die doeltreffendste voorkom. Inderdaad, die hele uiterlike “verskyningsvorm” van die kerk is dan 'n relatiewe saak waaraan nie te veel aandag gewy behoort te word nie. Die kerk mag homself dan inrig of bestuur soos enige ander menslike vereniging. Geen wonder dat die negentiende eeu daarom soveel ruimte gebied het vir die verbreiding van die kollegialistiese opvattinge oor die kerkregering nie, want die sigbare kerk is verstaan as 'n collegium of vereniging waarvan die bestuur uiteindelik berus, nie by Christus nie, maar by die wil van die lede wat demokraties oor hulleself beskik.

Hierdie liberale opvattinge het egter ook meegebring dat die kerklike verskeurdheid maklik goedgepraat kon word. Indien dit waar is dat die sigbare kerk 'n menslike maaksel is wat ingerig word na die smaak en wil van die lede, dan is dit onontwykbaar dat die sigbare kerk uiteen sal val in talle afsonderlike *kerkgenootskappe*. Wat maak die uitwendige vorm nou ook eintlik verskil aan die inwendige, onsigbare eenheid? Die gevolg van hierdie standpunt was die aanvaarding van die gedagte van die legitieme pluraliteit van kerke, dikwels genoem pluriformiteit van die kerk. Daarmee is dan bedoel dat daar natuurlik net één onsigbare kerk is, maar dat die een onsigbare kerk homself openbaar in 'n veelheid van genootskappe wat verskillend is in die verskillende tye, lande, volkere en by verskillende mense. Waar die individuele mens met sy eienaardighede en besonderhede die uitgangspunt van die denke vorm, in plaas daarvan dat van Christus uit gedink word, moet dit byna noodwendig tot hierdie soort opvatting kom. Word die ontwikkelingsdenke van die evolusieleer ingespan, dan voer hierdie opvatting daartoe dat die kerk noodsaaklikerwys in verskillende kerke moes vertak, sodat die ontwikkeling daardeur gedien kan word en elke tak sy besondere bydrae vir die bevordering van die geheel kan lewer. Dat die verskeurdheid van die kerk sonde is, word dan nie meer gevoel nie en die wesenlike verskille tussen die verskillende konfessionele groepe

word vervlak tot verskille in vorm (*pluriformiteit*). In grootse ruimhartigheid dink niemand daaraan om ander mense die goeie reg te ontsê om op hulle eie wyse en plek hulle eie genootskap in die lewe te roep as 'n volkome legitieme moontlikheid van kerk-wees náás die kerk waaraan hyself behoort nie. In elk geval kan die kerk soos dit hier en nou bestaan, tog nie vereenselwig word met die ware kerk van Jesus Christus nie, want dit is maar een genootskap onder andere. Dit is geen wonder dat die negentiende eeu dus ook die eeu geword het van die vermenigvuldiging van kerke nie!

Nederlandse Geloofsbelydenis

Die ergste is nou egter dat sommige van diegene wat hierdie soort denkbeelde gekoester het, vas daarvan oortuig was dat hulle daarmee nog in ooreenstemming is met wat ons belydenisskrifte leer. Die leer van die pluriformiteit van die kerk (of liever: die pluraliteit van kerke) sou dan eg-reformatories wees, die opvatting wat deur Calvyn en die ander Kerkhervormers voorgestaan of altans noodsaaklik gemaak sou wees. Dit het daartoe gelei dat daar met name van artikels 27 tot 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n uitleg gegee moes word wat aan die teks self en die historiese betekenis daarvan geen reg kon laat geskied nie. Artikel 27 waar verklaar word dat die kerk die vergadering van ware gelowiges in Christus is, sou dan oor die onsigbare kerk handel, die mistieke liggaam van Christus. Dat art. 27 hierdie kerk één, heilig en algemeen noem, moet dus in geestelike sin verstaan word, nie van die kerk in sy sigbare gestalte nie. Dit sluit in elk geval die legitieme pluraliteit (of dan: pluriformiteit) van kerke nie uit nie, want die een onsigbare kerk kan hom goedskiks openbaar in 'n hele aantal sigbare kerke of kerkgenootskappe. Art. 28 wat daaroor handel dat elkeen skuldig en verplig is om hom by die ware kerk te voeg, spreek gevolglik volgens hierdie opvatting nie oor dieselfde kerk as art. 27 nie, maar wil eintlik sê dat elkeen hom behoort te voeg by *een van die verskillende openbaringe* van die ware kerk wat vir hom die suiwerste voorkom, terwyl art. 29 dan die maatstawwe aangee waarvolgens hierdie verskillende legitieme openbaringe van die één ware, onsigbare kerk beoordeel moet word. Uitvoerig word betoog dat daar tog nêrens 'n ware kerk bestaan wat ten volle beantwoord aan die kenmerke wat in art. 29 geskets word nie, en ook geen valse kerk wat heeltemal beantwoord aan die kenmerke wat daar genoem word nie. Die kenmerke word maar gesien as die ideaal, die norm waarna die kerk moet strew. Daarmee was die gedagte dat die verskillende kerke wat in meerdere of mindere mate die kenmerke van die ware kerk vertoon, *die verskeurde toestand van die één ware kerk is*, prysgegee ten gunste van die opvatting van 'n wettige meervoudigheid van ware kerke wat volgens die maatstaf van meer of minder suiwer beoordeel moes word. Dit is eenvoudig merkwaardig om te sien hoedat teoloë van goeie gereformeerde faam tot hierdie opvatting gekom het vanuit die empiriese situasie van die kerk (nie vanuit die Skrif nie!), en hierdie opvatting verdedig met woorde en uitdrukkings wat sterk herinner aan die van liberale teoloë uit die eerste helfte van die negentiende eeu.

Gelukkig het daar ook in hierdie opsig 'n kentering gekom. Uitvoerige studie van die geskrifte van die Kerkhervormers het aangetoon dat Calvyn (en met hom die Nederlandse Geloofsbelydenis) beslis nie spreek oor die kerk as 'n onsigbare of geestelike eenheid van gelowiges wat in die verskillende kerke minder of meer suiwer tot openbaring kom nie. Vir Calvyn is die één, heilige, algemene kerk (waarvan daar ook in art. 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sprake is), wel na sy diepste wese geestelik en onsigbaar, omdat dit die vergadering van uitverkorenes is, maar dit is tegelykertyd sigbaar en konkreet, omdat dit verstaan moet word as "n menigte wat uit allerlei volkere versamel is wat, versprei en verstrooi

deur plaaslike afstand, tog in die een waarheid van die Goddelike leer saamstem en deur die band van dieselfde godsdiens verbonde is” (*Institusie*, IV, I, 9). Onder hierdie algemene kerk is volgens Calvyn dus die plaaslike gemeentes (of kerke) begrepe “wat na die eis van menslike noodsaaklikheid oor die verskillende stede en dorpe verdeeld (of verspreid) is”. Daarmee is deur Calvyn duidelik gemaak wat sy idee was van hoe die één ware kerk ook as ’n sigbare, algemene kerk in die wêreld gestalte moes kry. Dat dit nie gebeur het nie, omdat die kerke wat uit die Kerkhervorming voortgekom het, op allerlei manier ouderling verdeeld geraak het en hulleself in nasionale landskerke gaan konsolideer het, was nie sy bedoeling nie en ook nie sy skuld nie. Vir hom was die één, algemene kerk nie ’n onsigbare saak nie. Duidelik betoog hy dat die artikel van ons Christelike geloof *enigermate* ook op die sigbare of uitwendige kerk betrekking het. Die kerk is onsigbaar en sigbaar tegelyk, al is dit ook waar dat die sigbare en onsigbare sye van die kerk mekaar nie presies dek nie, omdat daar huigelaars is wat hulle met die naam van die kerk dek en dus aan die kerk in uiterlike sin behoort, hoewel hulle tog nie waarlik tot die kerk behoort nie (vgl. *Institusie*, IV, I, 7). Daarom die uitdrukking *enigermate*: die kerk is na sy sigbare sy blootgestel aan allerlei destruktiewe en belemmerende faktore, soos ook bv. dat duiwelse geeste steeds weer probeer om die eenheid van die kerk te verskeur. Daardeur word die sigbare gestalte van die kerk egter nie van minder belang nie. Calvyn en die gereformeerde vaders vlug nooit in die skuilhoek van ’n belydenis oor ’n onsigbare kerk wat tóg één en heilig sou wees, sodat ons maar ons plig om te stry vir die sigbare eenheid en heiligheid van die kerk kan laat vaar nie.

Hierdie opvatting straal helder deur in die artikels van die Nederlandse Geloofsbelijdenis wat oor die kerk handel. Dit gaan in artikel 27 nie net om die onsigbare kerk nie: dit gaan om die een, heilige, algemene kerk wat onsigbaar en sigbaar tegelyk is, en waarvan dit daarom ook sinvol is om te sê dat God dit in stand hou teen die *woede van die hele wêreld*, alhoewel dit somtyds ’n tydlang baie klein is en *in die oë van die mense* skynbaar tot niet geraak het. Net soos Calvyn dit sê, word ook hier betoog dat die kerk verspreid en verstrooid is oor die hele wêreld, maar dat dit nogtans saamgevoeg en verenig is met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof. Van *hierdie kerk* nou verklaar art. 28 dat niemand hom daarvan apart behoort te hou en op sy eie moet staan nie, uitdrukkings wat sonder enige sin sou wees as dit van die onsigbare kerk moet geld. Van hierdie kerk geld dit eweneens dat die eenheid van die kerk bewaar moet word, terwyl dit juis daarom noodsaaklik is dat alle ware gelowiges hulle moet afskei van diegene wat nie tot die kerk behoort nie en hulle moet voeg by *hierdie vergadering, op watter plek God dit ook al gevestig het* (vgl. dit met *Institusie* IV, 1, 9), al sou die owerhede ens. daarteen wees. Om die gelowiges in staat te stel om die ware kerk van God te ken, word nou in art. 29 die onderskeid aangegee tussen die ware en die valse kerk. Kennelik is daar maar “twee” kerke, die ware en die valse, wat “maklik geken en van mekaar onderskei kan word”. Dus: dit is die bedoeling van ons belydenis dat daar net een ware sigbare kerk sal wees naas die valse kerk en die sektes. Waar dit in die praktyk nie die geval is nie (soos gebeur het in die feit dat die Lutherane, Zwingliane en die Gereformeerdes mekaar bv. nie kon vind nie) moet dit aanvaar word as ’n verskeurdheid van die één ware kerk wat nie moet wees nie, en nie as ’n legitieme veelheid van kerke nie. Met oortuigende krag het iemand soos Polman aangetoon dat Calvyn deurgaans vasgehou het aan die sigbare algemene kerk en hom onvermoeid beywer het daarvoor om die verskeurdheid van die een ware kerk uit die weg te ruim (*Onze Nedl. Geloofsbel.*, III, 354 e.v.). Ver daarvandaan dat ons gereformeerde vaders die Gereformeerde Kerk van hulle dae maar net as een van die talle legitieme “kerkgenootskappe” gesien het waarin die een ware onsigbare kerk na vore sou tree, het hulle bely dat hulle aan die ware kerk behoort en daarna gestrewe om hulle met almal wat met hulle gemeenskap het in die

belydenis van dieselfde waarheid, te verenig in die sigbare gemeenskap van die één ware kerk. Hoe waar dit ook al mag wees om te sê dat ons gereformeerde vaders in die praktyk nie die Gereformeerde Kerk *eksklusief* as die *enigste* ware kerk gesien het, met uitsluiting van die Lutherane ens. nie, dit is net so waar dat hulle bely het dat die Gereformeerde Kerk en alle kerke wat met hom dieselfde waarheid bely, die ware kerk van Christus is wat één is en moet wees, sodat alle onderlinge verdeeldheid as *sonde* gesien moet word. Van hier is dit te verstaan dat daar 'n hemelsbreë verskil is tussen die gereformeerde kerkreg van die sestende eeu en dié van die liberale negentiende eeu, omdat die gereformeerde vaders die sigbare kerk as die kerk van Christus gesien het, terwyl die liberale kerkreg dit nooit kan waag om sy genootskap met die kerk van Christus in direkte verband te bring nie. Wie nie die kerk meer vanuit Christus verstaan nie, het ook geen plek vir die reformatoriese begrip van die ware, universele kerk as 'n sigbare geheel wat hom oor die wêreld uitstrek nie, maar moet die kerk met sy eienskappe (één, heilig, algemeen) tot die onsigbare verdring en só ruimte maak vir 'n legitieme veelheid van kerke as die sigbare verskyningsvorme van die één onsigbare kerk.

Die Skrif en die sigbaarheid van die kerk

Die Nuwe Testament gebruik die terme *sigbaar* en *onsigbaar* nêrens in verband met die kerk nie. Dit wil egter nie sê dat die sáák waarom dit vir die reformatore by die gebruik van die terme gegaan het, nie in die Skrif bekend is nie. Onder die terme *sigbaar* en *onsigbaar* sal ons immers moet verstaan: soos die mens dit sien, en: soos God dit sien. Die kerk is as 'n georganiseerde menslike gemeenskap vir alle mense sigbaar soos enige ander menslike organisasie dit is. Wat die mens egter van die kerk sien, is nie gelyk aan hoe God die kerk sien nie. Wanneer God en die mens na *dieselfde saak* kyk, sien hulle dit uit die aard van die saak verskillend. Die mens sien wat voor oë is, maar God sien die hart aan (1 Sam. 16:7). Met betrekking tot die kerk beteken dit dat God die kerk nie alleen sien soos wat hy in homself is nie, maar soos wat hy in Christus is en soos hy eenmaal in volle heerlijkheid sal wees. Dit sluit ook in dat God sien wie waarlik tot die kerk behoort en wie alleen in skyn daaraan behoort. Die mens kan nooit só sien nie. Deur die geloof kom ons wel daartoe om in die sigbare kerk meer te sien as wat aan hom te sien is, omdat ons die kerk gelowig wil “sien” soos God hom sien. Selfs dan bly dit egter so, dat ons aansien wat voor oë is en nie die hart nie, en daarom nie in staat is om die *grense* van die kerk te sien waar God dit sien nie. Tog is dit *dieselfde kerk* wat deur God en ons gesien word.

Van hierdie feit weet die Nuwe Testament baie goed. Die Nuwe Testament weet daarvan dat daar in die kerk “valse broeders” kan wees (2 Kor. 11:26) en mense wat uit die kerk uitgegaan het, omdat hulle nie *van die kerk* was nie (vgl. 1 Joh. 2:19). Alles wat hom met die naam van die kerk dek, is nie werklik eg “van die kerk” nie. Tog bring dit nie Nuwe Testament nie daartoe om die sigbare plaaslike gemeente soos dit konkreet bestaan, die naam *ekklesia* te ontsê nie (vgl. Hand. 8:1; 13:1; 18:22; 20:17 ens.). Enige mens wat die kerk wil vind, kan dit sigbaar in Jerusalem of Antiochië aantref. Dáár bestaan immers 'n gemeenskap van mense wat rondom die bediening van Woord, sakrament en tug gekonstitueer is as 'n gemeente wat Jesus Christus as die Seun van God bely. Selfs die kleinste huisgemeente noem Paulus eenvoudig *kerk* (Rom. 16:5 en 1 Kor. 16:19). Die kerke is die plaaslike gemeentes in die verskillende stede (vgl. Hand. 15:41; 16:5; 5; 2 Kor. 11:8; 12:13 ens.). Kerk is vir die Nuwe Testament geen onsigbare idee nie, maar 'n konkrete, sigbare gemeenskap of vergadering van mense.

Wanneer Paulus die kerk die liggaam van Christus noem en die beeld na sy organiese sy uitwerk, soos ons gesien het, dan sien dit op die gemeente in sy sigbare bestaan as 'n goed-

funksionerende geheel. Indien ons dit nie so verstaan nie, word alles wat in Rom. 12 en 1 Kor. 12 gesê word, sonder betekenis. Wanneer daar immers gespreek word oor die onderlinge diens van die gemeentelede aan mekaar, gaan dit om konkrete dinge. Wat meer is, Paulus gaan in verband met die gawes wat aan die lede van die liggaam gegee is, spesifiek spreek oor die *amp*te wat aan die kerk gegee is (vgl. 1 Kor. 12:28; Ef. 4:11). Waar daar egter van ampte sprake is, kom die gestalte van die kerk as 'n *instituut* na vore. Voeg daar nog by dat Paulus in die nouste verband hiermee ook van die *sakramente* gaan spreek (vgl. 1 Kor. 10:17; 12:13 ens.), en dit is duidelik dat dit by Paulus gaan om die ekklesia as 'n gemeenskap van mense wat rondom die bediening van die Woord, die sakramente en die tug (vgl. 1 Kor. 5) as 'n betreklik afgeslote kring van mense bekend word en van die res van die wêreld onderskei word as die gemeente van Christus. Calvyn en die ander Kerkhervormers het die Skrif goed begryp toe hulle juis van die liggaam-uitsprake uitgegaan het om te spreek oor die sigbare kerk as die moeder van die gelowiges wat in die wêreld bestaan as 'n instituut met ampte en sakramente. Van ons behoudendste eksegete verklaar dan ook dat die Nuwe Testament die *ekklesia* nêrens verstaan as 'n louter onsigbare grootheid nie, maar as 'n sigbare, georganiseerde grootheid. Dit geld selfs direk van sulke algemene uitsprake as Matth. 16:18, Ef. 1 en Kol. 1, waar kennelik ook oor die algemene kerk nie gespreek word as 'n onsigbare saak nie, maar as 'n sigbare, georganiseerde geheel. Die institusionele element is eenvoudig met die bestaan van die kerk in die wêreld gegee. As instituut is die kerk egter voor die oë van alle mense sigbaar.

Daar word gewoonlik met betrekking tot die kerk tereg onderskei tussen die *instituut* en die *organisme*. Onder die organisme word dan verstaan die kerk as die nuwe mensheid, as die vergadering van alle ware gelowiges, terwyl onder die kerk as instituut verstaan word die gemeenskap van gelowiges wat saamgebind word in 'n organisatoriese eenheid met die oog op die belydenis en die onderhouding van die erediens. Daarom is die ampte en die bediening van die Woord, sakramente en tug aan die kerk as instituut gegee, nie aan die kerk as organisme nie. Dikwels is nou egter die fout gemaak om te meen dat waar daar van die kerk as *organisme* sprake is, dit oor die *onsigbare* kerk sou gaan. Daarom word ook gedeeltes uit die Skrif wat oor die nuwe mensheid soos dit in Christus begrepe is, of oor die kerk as 'n organies-lewende geheel handel, te maklik *misverstaan* asof dit op die onsigbare kerk betrekking het. Dit is ook die rede waarom artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis wat oor die kerk as die gemeenskap van ware gelowiges spreek, sonder om die onderskeiding van instituut en organisme daarby aan te bring, so maklik misverstaan word asof dit daar om die onsigbare kerk gaan. So min as wat dit moontlik is om die kerk as instituut te *skei* van die kerk as organisme en omgekeerd, en so min as wat dit moontlik is om die kerk te verstaan as organisme *in teenstelling tot* die kerk as instituut (Brunner), so min is dit moontlik om die kerk as organisme te verstaan as die onsigbare kerk en die kerk as instituut as die sigbare kerk. Die kerk is tegelyk instituut en organisme. Christus het sy kerk uit die staanspoor toegerus met die nodige instrumentering om as 'n instituut te bestaan en te funksioneer (vgl. Matth. 16 en 18). Dit wil nie sê dat die kerk ópgaan in sy bestaan as instituut nie. *Elke* lid van die gemeente het 'n gawe waarmee hy oral van diens moet wees. Die hele gemeente is die lig van die wêreld en die sout van die aarde wat oral, ook buite institutêre verband, duisternis en bederf moet weer. In die wêreld sal dit dus wel so wees dat die kerk onder die gesigspunt van instituut en die kerk onder die gesigspunt van organisme in ons gebroke werklikheid nie volkome saamval nie. Juis egter omdat die sigbaarheid van die kerk nie net tot die instituut beperk is nie, maar ook van die kerk as organisme geld, mag hierdie ongelykheid wat in die gebroke werklikheid voorkom, ons nie verlei daartoe om die kerk as organisme tot die ryk van die onsigbare te verban nie.

Ons sal die onderskeiding tussen sigbaar en onsigbaar in verband met die kerk slegs dán werklik Skriftuurlik hanteer, wanneer ons verstaan dat dit moet dien om elke *vanselfsprekende identiteit*

van die sigbare kerk *in sy geheel* met die kerk soos dit voor God bestaan, af te wys. Wat hom as kerk aandien, staan op aarde voortdurend onder die vraag na die egtheid daarvan. Daarom dat Calvin ten opsigte van die sigbare kerk 'n sekere voorbehoud uitdruk deur te sê dat die artikel van ons geloof (aan die kerk) “enigermate” op die sigbare kerk van toepassing is. Dit beteken nie dat die sigbare gestalte van die kerk nie kerk is of tot 'n onverskillige saak gedegradeer mag word nie. Dit beteken egter wél dat ons sal besef dat die kerk, wat juis as sigbare kerk die kerk van God is, op aarde nog nie is wat hy in Christus is en eenmaal by sy openbaring sal wees nie (1 Joh. 3:2). Wat die kerk tot kerk maak, is nie in homself geleë nie, maar in sy verhouding tot Christus. Die werklikheid van die kerk is 'n eskatologiese werklikheid wat nog wag om ten volle geopenbaar te word. Die kerk is nog nie sigbaar in die wêreld wat hy in Christus reeds is nie. Gevolglik is die kerk op aarde steeds nog onder die vraag of hy in alle opsigte en in al sy lede waarlik kerk van Christus is. Daarom is die gebruik van die term *onsigbaar* in verband met die kerk 'n *kritiese* gebruik. Dit is 'n afweer van die verwaarlosing van die eskatologiese element in die bestaan van die kerk, asof die sigbare kerk nie nog op pad is na die toekoms nie, en asof die sigbare kerk vanselfsprekend en ongenormeerd is wat hy *moet* wees, sonder om daarby erns te maak van die feit dat 'n bepaalde gestalte van die sigbare kerk kan afval van die Woord van God en dus tot valse kerk kan word. *Maar*, die gebruik van die term *onsigbaar* in verband met die kerk is nie bedoel om die sigbaarheid van die kerk te ontken of te degradeer nie. Juis die sigbare kerk met sy twyfelagtige kante en sonde word in die Skrif aangespreek as 'n tempel van die Heilige Gees, die liggaam van Christus en 'n pilaar en grondslag van die waarheid (vgl. 1 Kor. 3; 1 Kor. 12; 1 Tim. 3:15). Die sigbare gemeente wat onder Gods Woord lewe, *is* die kerk van God, nie kragtens wat by in homself is nie, maar kragtens die Heilige Gees wat hom maak wat hy in Christus is. Daarom is die kerk in sy sigbare bestaan veel meer as wat hy sigbaar is. In die geloof het hy wat hy nog nie het nie en is hy wat hy nog nie is nie. Die sigbare kerk mag van homself glo dat hy die kerk van Christus is. Die geloof wat hom op die lewende Christus rig, “sien” in die aardse, sigbare kerk die kerk wat eenmaal in heerlijkheid openbaar sal word. Soos die sondaar moet glo dat hy in Christus regverdig is, en daarom moet lewe uit wat hy in Christus is, moet die sigbare kerk glo dat hy die ware kerk van Christus is en gaan lewe as die ware gemeente van God op aarde. Dit is ten nouste betrokke op die gehoorsaamheid van die kerk om voortdurend by en uit Gods Woord te lewe. Waar die kerk egter buig onder die Woord van God, moet daar nie agter die kerk gesoek word na 'n ander, onsigbare kerk wat die ware kerk sou wees nie, al is dit ook waar dat die sigbare kerk nie in alle opsigte en in al sy lede is wat hy in Christus is en op aarde moet wees nie. Wie dit nie só verstaan nie, weet geen raad met Christus se opdrag aan sy kerk om die sleutels van die hemelryk te hanteer nie, want in die opdrag kom dit onmisverstaanbaar duidelik uit dat die sigbare kerk met die Koninkryk in verband staan, die Koninkryk vir mense mag open en sluit (vgl. Matth. 16 en 18). Van 'n vrywillige genootskap van mense kan so iets nooit geld nie, want dit bly altyd onverpligtend. Van die kerk geld dit egter wél. Wie die sigbare kerk nie die kerk in eintlike sin wil noem nie, is skuldig aan 'n soortgelyke dwaling as diegene wat meen dat Christus nie 'n ware menslike natuur gehad het nie, maar net 'n skynliggaam (docetisme).

Gebeurtenis

Dit hang met die voorbehoud ten opsigte van die sigbare gestalte van die kerk soos ons dit hierbo geformuleer het, ten nouste saam dat daar in die jongste tyd oor die kerk meermale gespreek word as 'n *gebeurtenis*. In aansluiting by die profaan-Griekse gebruik van *ekklesia* om 'n volksvergadering aan te dui wat net vir 'n bepaalde doel byeenkom, om daarna weer opgelos te word, word dan betoog dat die kerk ook telkens so 'n gebeurtenis is wat plaasvind

wanneer Christus in sy vrymagtige genade die gepredikte Woord tot sy lewende Woord vir die gemeente laat word en só die gemeente in die Heilige Gees telkens konstitueer tot sy gemeente. Veral by Karl Barth lei hierdie gedagtegang daartoe dat die woord *kerk* liever vermy word, omdat dit te veel die element van 'n instituut of durende toestand sou beklemtoon, terwyl liever gepraat word van die *gemeente*, sodat dit goed kan uitkom dat die gemeente in sy aktuele samekoms telkens weer deur Christus ontmoet word en deur die ontmoeting tot gemeente van Christus word. Sodoende word dit moontlik om te ontkom aan die massaliteit van 'n vanself sprekende vereenselwiging van die sigbare gemeente met die liggaam van Christus, asof die gemeente in homself die kwaliteit sou besit wat hom tot gemeente van Christus maak. Dit word moontlik om te laat verstaan dat die gemeente geen vanselfsprekende besitter is van die genade van God nie, maar dit telkens weer moet ontvang in die aktuele ontmoeting tussen Christus en sy kerk, wanneer Hy van sy kant in sy soewereine vryheid Hom tot die gemeente neerbuig. Dit laat ook die klem daarop val dat die gemeente nie uit homself kan beskik oor die werking van die Heilige Gees in sy midde nie, maar voortdurend daarom moet bid en daarop moet wag. Hierdie aksente is noodsaaklik. Tog neem dit alles niks weg van die feit nie, dat die kerk meer is as 'n gebeurtenis. Die kerk is die *volk van God*. As eskatologiese heilsgemeente het die volk van God 'n durende bestand onder die beloftes van God en deur die werking van die Heilige Gees wat in die kerk *woon*. Daarom is dit ten minste vir misverstand vatbaar om alle klem te laat val op die kerk as gebeurtenis. Eksegeties is dit nie verantwoord nie. Buitendien hang die durende bestand van die gemeente ook saam met die uitverkiesing in Christus en die trou van God om die uitverkorenes te bewaar by die verworwe verlossing. Die durende bestand van die gemeente hoef dus nie noodwendig (verkeerdelik) gebaseer te word op die gedagte dat die kerk in homself alles besit wat hom tot kerk maak nie. Dit hoef ook nie die eskatologiese element buite rekening te laat nie, maar kan voortdurend rekening daarmee hou dat die kerk nie self oor Christus of Gods genade kan beskik nie, maar daarom moet bid en daarop moet wag. Met alle waardering vir die waarheid daarvan dat die kerk telkens in die gebeurtenis van die ontmoeting met die lewende Christus vergader, opgehou en versterk word, moet ons dus seker versigtig wees om van die kerk net as 'n gebeurtenis te spreek. Sonder om nader daarop in te gaan, stel ons net die vraag of hierdie klem nie saamhang met 'n visie op die openbaring en die verkiesing wat met reg bevraagteken moet word nie.

Die Skrif en die eenheid van die kerk

Ook oor die eenheid van die kerk spreek die Nuwe Testament duidelike taal. Dit is daarby duidelik dat veral die onderlinge eenheid van die gelowiges (in die plaaslike gemeente of daarbuite) op die voorgrond staan. Dié eenheid is in Christus gegee. Die gemeenskaplike beslotenheid in Hom as die Hoof bring vanself die onderlinge eenheid van die lede van sy liggaam mee. Die gelowiges is één liggaam (vgl. 1 Kor. 10:17; 1 Kor. 12:12 e.v.; Ef. 2:16 ens.). Hulle is één kragtens die feit dat daar maar één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal is (vgl. Ef. 4:4-6). Hierdie eenheid is ook 'n wesenlike eenheid, want die band wat die gelowiges aan mekaar bind, is nie maar die gemeenskaplike geloofsoortuigings nie, ook nie 'n humane gevoel of algemeen-menslike vriendelikheid nie. Dit is selfs nie eers geleë in enige gesindheid wat in hulle harte teenoor mekaar bestaan nie, maar in die feit dat die Heilige Gees hulle almal deurdring (1 Kor. 12:13) en die een God en Vader dus ook *in hulle almal* is (Ef. 4:6). Dit bind hulle hefter saam as wat enige band van bloed of geboorte, kultuur of maatskaplike struktuur kan doen. Op hierdie vertikale eenheid deur Christus met God, rus die onderlinge eenheid van die broeders en susters. Só reël dink Paulus daarvoor, dat hy by geleentheid die verbreking van die onderlinge eenheid kan tegemoetree met die vraag of

Christus dan verdeel is, waarmee by die onderlinge verdeeldheid as iets absurds ontmasker (vgl. 1 Kor. 1:13). Die onderlinge verdeeldheid van die gelowiges wortel direk in die sonde van vleeslikheid (vgl. 1 Kor. 3:1-8 ens.). Die gemeenskap met God moet noodwendig resulteer in die gemeenskap met die broeders (vgl. 1 Joh. 1:3, 6) en kom tot openbaring as 'n wandel in onderlinge liefde (1 Joh. 2:10-11; 4:7, 11, 20-21 ens.), in wedersydse diensbetoning (Rom. 12:13), in deelname aan mekaar se lyding en laste (Fil. 1:7; 4:14; Hebr. 10:33; Gal. 6:2). Binne die gemeente is daar nie plek vir selfverheffing van die een lid teenoor die ander of afsydigheid van die een teenoor die ander nie. Die gesindheid van Christus moet die onderlinge verhoudinge beheers (Fil. 2:5).

Hierdie eenheid mag nie versteur word deur die verskeidenheid wat daar noodwendig in die kerk sal voorkom nie. Van die verskeidenheid in gewes wat deur die Heilige Gees in die gemeente uitgestort word, ontken Paulus uitdruklik dat dit die eenheid moet bedreig (1 Kor. 12:14-26). Inteendeel, dit dien eerder om die gemeente hefter saam te bind, omdat die lede daardeur op mekaar aangewese is om mekaar te dien en deur mekaar gedien te word. Net so is dit ook duidelik dat die natuurlike verskille tussen mense eweneens nie die eenheid van die liggaam van Christus mag bedreig nie. Die verskeidenheid van volksverband, afkoms of sosiale status mag wel vir die wêreld baie belangrik wees, en die kerk sal seker ook die verskeidenheid moet eerbiedig, maar sal daarby ook die handeling van God die Heilige Gees moet eerbiedig, wat Jode en Grieke, slawe en vrymanne gelykelyk deurdring en doop tot “één liggaam” (1 Kor. 12:13). Jood of Griek, slaaf of vryman, man of vrou: dit tel nie meer mee by die vraag wie lidmate van die liggaam van Christus is nie, want in Hom en voor Hom is hulle almal één (vgl. 1 Kor. 12:13; Gal. 3:26-29; Kol. 3:11). Jakobus veroordeel alle “aanneming van die persoon” by gelowiges (Jak. 2:1-13). Daar is nie in die kerk meer plek vir die ongekrusigde ek van die mens wat weier om die gemeenskap met die medegelowiges te aanvaar nie (vgl. Gal. 2:11-21). Die verskeidenheid word dus nie in die gemeente opgehef nie, maar die verskeidenheid mag nie op sodanige wyse waardeer word, dat dit die onderlinge gemeenskap in die kerk bedreig nie.

Eenheid in die waarheid

Dit val ons op dat die Bybel die eenheid van die kinders van God ook in verband bring met die eenheid wat hulle besit in die belydenis van dieselfde waarheid. Die Nuwe Testament spreek vanuit die standpunt van die één ongeskeurde gemeente en roep in verband daarmee op tot die *bewaring* van die eenheid deur aan die waarheid vas te hou (vgl. Ef. 4:13-16). Ook Joh. 17 met sy gebed om die eenheid van die kerk spreek 'n duidelike taal oor die feit dat die eenheid saamhang met die waarheid (vgl. Joh. 17:6, 17). Die eenheid van die gemeente rus, soos ons gesien het, in die gemeenskaplike verbondenheid aan Christus, die Hoof. Dié verbondenheid kan egter nie bestaan, sonder die belydenis van die waarheid nie. Waar die waarheid verlore raak, moet ook die eenheid van die kerk verlore raak. Wat hom in die praktyk openbaar as 'n verskeurdheid wat saamhang met doodgewone vleeslikheid, hardkoppigheid, menslike gegriefdheid, vooroordeel en dergelike dinge meer, is ten diepste 'n bewys daarvan dat die Woord van God nie ten volle gehoor is en in al sy waarheid aanvaar is nie. Ten diepste sit die waarheidsvraag agter alle opsegging van die onderlinge gemeenskap met die medebroeders en dus ook agter alle verskeurdheid van die kerk. Daarom sal alle soeke na eenheid beheers moet word deur die waarheidsvraag, maar dan die waarheidsvraag in sy volle diepte en praktiese betekenis. Hoe meer die kerk in die waarheid lewe, hoe meer sal hy ook in die waarheid *wandel*, óók in die waarheid van sy eenheid. Juis die feit dat dit in die kerklike verskeurdheid om die waarheid gaan, sal die kerk tot die uiterste ywer vir die gesprek met alle ander mense wat

hulleself Christene noem, moet aanspoor, want anders sou dit óf beteken dat die kerk nie vir die waarheid omgee nie, óf dat die kerk in 'n eiegeregtige selfversekerdheid verstok is. en aan andere nie eers die waarheid wat hyself meen te besit, wil deurgee nie.

Pluriformiteit of verskeurdheid?

Juis omdat die waarheidsvraag by die kerklike verdeeldheid van soveel belang is, is dit nie moontlik om die bestaande kerklike verdeeldheid raak te vat onder die begrip *pluriformiteit* nie. Dit is 'n te vergoelike benadering van die versplinterde toestand van die kerk in talle kerke en kerkies wat mekaar dikwels weerspreek, beshy en verketter, om dit aan te dui met 'n begrip wat dit alles waardeer as die verskil in *vorm* waarin die één ongedeelde onsigbare kerk homself sou openbaar, die verskillende takke van dieselfde boom, die gevolg van die veelvormige ontwikkeling wat in die wil van God geleë is of iets dergelike. Hierdie verskynsel mag nie anders aangedui word as 'n *sondige verskeurdheid* nie. Die skuld daarvan moet aanvaar word. Dit is omdat die kerk nie volop uit die waarheid gelewe het nie, dat die verskeurdheid ingetree het. Dit beteken nie dat daar nie so iets as 'n geregverdigde en selfs noodsaaklike afskeiding bestaan nie, want dit is die plig van die gelowige om hom van die kerk af te skei as die kerk tot valse kerk verval het (vgl. art. 29, Nedl. Geloofsbel.). Dit beteken egter wel dat die gelowiges hulle nie by die verskeurdheid van die kerk mag neerlê, asof dit 'n normale toestand is nie. Veral waar daar gemeenskap in die waarheid bestaan en die kenmerke van die ware kerk nie ontbreek nie, mag verskillende kerke hulle nie by hulle verdeeldheid neerlê nie. Hulle moet naartiglik daarna strew om hulle eenheid wat in Christus gegee is, ook in die sigbare te bely en te belewe, en so saam te voeg wat tot die ware kerk behoort.

Daar is slegs één verband waarin die term pluriformiteit miskien met reg gebruik kan word, en dit is met die oog op die verskeidenheid wat in die kerk na vore tree vanweë die verskil in taal, kultuur, volksaard en afstand. Omdat die kerk werklik indring in al die geledinge van ons menslike bestaan en daarom ook 'n eie belydenis en antwoord van die verskillende mensegroepe op die evangelie van Christus na vore roep, is dit begryplik dat dieselfde waarheid by verskillende groepe verskillend geformuleer sal word. Dit is ook begryplik dat die inrigting van die kerk waarin die geskiedkundige ontwikkelinge altyd 'n groot rol speel, sowel as die volksaard en kultuuragtergrond van die lidmate van die kerk, sekere verskille sal veroorsaak selfs tussen kerklike groepe wat basies dieselfde beginsels van kerkregering erken. Wanneer hierdie verskeidenheid van “vormgewing” met die term *pluriformiteit* aangedui sou word, kan daarteen geen wesenlike beswaar ingebring word nie. Net al: dit moet daarby onthou word dat sulke verskille in vormgewing nie mag beteken dat die eenheid van die kerk verbreek word en die gemeenskap tussen die lede van die liggaam van Christus bemoeilik of uitgeskakel word nie. Ook hier is dit duidelik dat die verskeidenheid daar moet wees om die eenheid te dien, nie om dit te verbreek nie. Ons mag ook in hierdie opsig nie aan die natuurlike verskille tussen die lidmate van die kerk sodanige betekenis toeken, dat dit in botsing kom met die werking van die Heilige Gees wat Self mense met die grootste moontlike onderlinge natuurlike verskille tot één liggaam doop en gelykelyk deurdring nie. Wanneer ons die kerk vanuit sy *lede* benader (op individualistiese wyse), is dit miskien nog moontlik om 'n swaar aksent te laat val op die natuurlike verskille van die lede. As ons die kerk egter vanuit sy Hoof benader, kan nie aan die waarheid ontkom word nie, dat die eenheid van die kerk veel belangriker is as die verskille wat tussen die lede mag bestaan.

Die kerk is immers *katoliek*. Daarmee word bedoel dat dit universeel van aard is. 'n Mens kan oor die katolisiteit van die kerk in 'n intensiewe of 'n ekstensiewe sin spreek. In 'n intensiewe sin beteken dit dat die kerk nie alleen bedoel is vir die mense van één tyd, één plek, één volk of één stand nie, maar vir alle tye en plekke, vir alle volkere en stande. Dit straal duidelik deur in

Matth. 28:19. Die kerk is dan ook die vergadering van gelowiges uit alle volke, tale en stamme. Die eenheid van die één liggaam van Christus wat mense met die grootste moontlike onderlinge verskille omvat, mag dus nie verbreek word deur die verskille nie. Die kerk het eenvoudig ’n “bo-nasionale” en “internasionale” karakter. Dit is wel waar dat die kerk onder elke volk en in elke gemeenskap inheems word en dus telkens ’n “plaaslike kleur” sal aanneem en moet aanneem na gelang van die verskil in taal en kultuur en volksaard van die verskillende volkere, maar dit is dieselfde één kerk van Christus wat onder verskillende volkere bestaan. Dit is in orde dat die natuurlike verskeidenheid deur die kerk raakgesien en, vir sover nodig, by die bediening van Woord, sakrament en herderlike sorg, in rekening gebring word, sodat daar vanselfsprekend onder die verskillende taal- en volksgroepe afsonderlike openbaringe van die één kerk van Christus sal ontstaan. Dit is egter nie in orde om die natuurlike verskeidenheid sodanig te aksentueer, dat dit die wesenlike eenheid van die verskillende openbaringe van die één kerk van Christus bedreig en die kerk van Christus opdeel in losstaande en waterdigte “nasionale kerke” waarvan dit nie meer duidelik is dat die kerk te midde van alle moontlike verskeidenheid die één kerk van Christus is nie. Die “pluriformiteit” in die kerk mag nooit ontaard in ’n pluraliteit van nasionale kerke of volkskerke sonder ’n duidelike onderlinge verband nie, want dit gaan in die kerk om ’n eenheid in die verskeidenheid en ’n verskeidenheid in die eenheid.

Eenheid en sigbaarheid

Dit is egter nie genoeg om te praat oor die intensiewe katolisiteit van die kerk nie. Ons moet ook spreek oor die *ekstensiewe* katolisiteit. Daarmee word bedoel dat die kerk ook universeel is in tydelike en ruimtelike sin. Die kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde van die wêreld, én die kerk is verspreid en verstrooid oor die hele wêreld in ’n ruimtelike sin (vgl. Nedl. Geloofsbelydenis art. 27). Hierdie betekenis van die katolisiteit van die kerk hang ten nouste saam met die begrip van die eenheid van die kerk. In tydelike sin wil dit sê dat dit dieselfde één kerk is wat van die begin van die wêreld af daar was en tot die einde toe daar sal wees. Die individuele lede van die kerk is wel nie almal op dieselfde tyd lede van die kerk op aarde nie, maar die kerk bly dieselfde, al wissel sy lede in die loop van die geskiedenis. In ruimtelike sin wil dit sê dat dit ook dieselfde één kerk van Christus is wat oor die hele aarde voorkom, oral waar daar gelowiges is wat rondom Sy Woord vergader word.

Die katolisiteit van die kerk in hierdie sin is dus ’n eienskap van die *sigbare kerk*. Dit is wel waar dat die katolisiteit dikwels verborge is, omdat die kerk soms in die oë van die mense baie klein is, soos in die dae van Elia (vgl. *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 27 en Calvyn, *Institusie*, IV, I, 2), of deurdat die kerk verskeur is in talle naas mekaar staande kerke. Tog is dit daar. Dit moet geglo word, ook wanneer dit verborge is, net soos daar in die heiligheid van die kerk geglo moet word, omdat ook dit dikwels verborge is. Juis omdat dit geglo word, moet daaraan vasgehou word te midde van alle verskeurdheid van die kerk, dat oral waar die Woord van God suiwer gepreek en die sakramente bedien word volgens die instelling van Christus, dáár ’n gestalte, ’n openbaring is van die kerk van Christus wat één en algemeen is. Maar waar die kerk so vashou aan sy katolisiteit, sal daar ook vanself ’n heilige ywer moet kom om die verskeurdheid te bowe te kom, sodat die kerk in sy katolisiteit en eenheid kan word wat hy in Christus is en wat van hom geglo word.

Die belydenis van die katolisiteit van die kerk dring daarom voortdurend na die sigbaarwording van die eenheid van die kerk, wáár dit ook al mag bestaan. Die eenheid van die kerk word sigbaar in die onderlinge gemeenskap van die gelowiges in die plaaslike gemeente of daarbuite,

maar dit word ook sigbaar in die onderlinge gemeenskap van die verskillende plaaslike gemeentes met mekaar. Waar die plaaslike kerk werklik bely dat hy kerk in die volle sin van die Woord wil wees, bely hy terselfdertyd sy eenheid met die een katolieke kerk. En waar hy sy eenheid so bely, moet hy dit ook belewe. Die beleving van die katolisiteit van die kerk vind plaas in die gemeenskap met ander plaaslike kerke en betrek so die plaaslike gemeente in 'n wêreldwye gemeenskap: die een kerk van Christus.

Plaaslike en algemene kerk

Die Nuwe Testament dui hierdie waarheid aan deur die woord *ekklesia* te gebruik, nie net van die plaaslike gemeente, asof dié alleen kerk sou wees nie, maar ook van die kerk in 'n bepaalde land en van die kerk van Christus wat alle tye en plekke omvat (vgl. Hand. 9:31; Gal. 1:13; 1 Kor. 15:9; Fil. 3:6; Ef. 1:22-23; Kol. 1:18; Matth. 16:18 ens.). Blykbaar ondervind die Nuwe Testament geen probleem daarmee om van die algemene kerk as *ekklesia* te spreek, en direk daarna weer die plaaslike gemeente *ekklesia* te noem nie. Dit kan nie anders verstaan word nie, as dat elke plaaslike gemeente die kwaliteit van kerk besit, maar dat ook die algemene kerk dié kwaliteit besit. Die algemene kerk is die volk van God, maar ook die plaaslike gemeente is die volk van God, want die plaaslike gemeente is die volk van God *op 'n bepaalde plek*. Om met Calvyn en die Nederlandse Geloofsbelijdenis te spreek: die één algemene kerk is die volk van God wat deur menslike noodsaaklikheid oor die verskillende dorpe en stede verspreid is, en wat dus as konkrete plaaslike kerke bestaan oral waar God sy kerk gevestig het (vgl. *Institusie* IV, I, 9 en N.G.B. art. 28). K. L. Schmidt het daarop gewys dat tekste soos 1 Kor. 1:2 en 2 Kor. 1:1 vertaal moet word met: die kerk *soos dit* in Korinthe is. Die plaaslike kerk vertoon en verteenwoordig dus die algemene kerk. Dit is die plaaslike openbaring en deel van die één volk van God wat oor alle tye en plekke heen verspreid is.

Hieruit volg dat geen enkele plaaslike kerk op homself mag bly staan en hom van die ander plaaslike kerke willekeurig mag afgrens nie. Die verskillende plaaslike kerke het 'n innerlike eenheid wat gegee is in die feit dat Christus die Hoof van sy kerk is en die geheel in Hom begrepe hou. Indien die plaaslike kerk nie hierdie gegewe eenheid uitlewe nie, sou dit beteken dat hy ontken dat die kerk van Christus nie “geleë is in, gebonde is aan of bepaal is tot sekere persone nie, maar verspreid en verstrooid is oor die hele wêreld” en dat dit “saamgevoeg en verenig is met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof” (art. 27, N.G.B.). Die algemene kerk gaan aan die plaaslike kerke vooraf en is meer as die optelsom van die plaaslike kerke. Juis hierdie feit roep egter die plaaslike kerke tot die innigste gemeenskap met mekaar.

Die Nuwe Testament gee geen uitgewerkte patroon van hoe hierdie gemeenskap tussen die plaaslike kerke beoefen moet word nie. Die feit dat dit moet geskied, is egter duidelik. Die Nuwe Testament weet van die wedersydse hulp van die plaaslike kerke (vgl. 2 Kor. 8-9), gemeenskaplike optrede (vgl. Rom. 15:26 met 2 Kor. 8:19), die ontvangs van mekaar se lede (Rom. 16:1-2) en gemeenskaplike beraadslaging wat op bindende besluite uitloop (Hand. 15). Gedurende hulle leeftyd was die apostels self (wat die sigbare betref) die band wat die verskillende plaaslike kerke saamgebind en met mekaar in gemeenskap gestel het. Toe hulle weggeval het, het een of ander organisatoriese band noodsaaklik geword. Dit is wel moontlik dat daar 'n vorm van onderlinge gemeenskap tussen die plaaslike kerke kan bestaan ook sonder vaste organisatoriese uitdrukking, maar dit is altyd gebrekkig. Die vraag is ook wat presies die motief is wat skuilgaan agter die beswaar teen vaste organisatoriese uitdrukking van die eenheid van die plaaslike kerke. Dit kan soms prinsipiële besware wees wat saamhang met die vraag of

enige organisatoriese band tussen plaaslike kerke wat bindende besluite kan neem, nie die selfstandigheid van die plaaslike kerke op 'n ongeoorloofde manier in die gedrang bring nie. Dit is die standpunt van die Independentisme wat in ons tyd deur Barth en sommige van sy volgelinge sterk waardeur word. Dit is egter duidelik dat 'n egte gereformeerde kerkverband nie daarop bereken is om die plaaslike kerke in hulle selfstandigheid aan te tas nie, maar juis om hulle te dien in die vervulling van hulle roeping as selfstandige kerke. Dit is ook nie nodig om met Barth te aanvaar dat die daarstelling van meerdere vergaderinge noodwendig 'n daad van wantroue in die leiding van die Heilige Gees hoef te beteken nie. Dit sou alleen geld, indien daar van meerdere vergaderinge verwag word wat alleen van die Heilige Gees verwag moet word. Buitendien is dit moontlik dat 'n mens op 'n manier oor die selfstandigheid van die plaaslike kerk kan praat, wat volledig on-Bybels is, omdat die Bybel die selfstandigheid van die plaaslike gemeente eerder laat sien as sy Christus-verbondenheid. Dit deel die plaaslike kerk egter met alle ander plaaslike kerke. Dit vorm juis die basis vir die regte opvatting van die gemeenskap tussen die plaaslike kerke. Daar sal ook gewaak moet word teen 'n verwarring van die onjuiste funksionering van die kerkverband soos dit vandag dikwels bestaan, en wat inderdaad dikwels die kerk-wees van die plaaslike kerk in die gedrang bring, met 'n egte Bybelse siening op die kerkverband as 'n gemeenskapsband tot diens van die plaaslike kerke en aan die plaaslike kerke met die oog op die liggaam van Christus.

In elk geval is dit ontoelaatbaar om sommer te sê dat kerkverband *nie nodig is*, as die lede van die kerk dit nie begeer nie. Kerkverband rus nie op die wil van die lede nie – dit sou reine kollegialisme wees – maar op die eenheid van die kerk in Christus, sy Hoof. Al die lede van die liggaam het mekaar nodig, of hulle dit wil weet of nie (vgl. 1 Kor. 12:21!).

Gewone onwil om gemeenskap te hê met met die broeders en susters kan nooit as 'n teologiese motief geld waarom die gereformeerde opvatting van die noodsaaklikheid van die kerkverband teëgestaan word nie. Dit is veral natuurlik onhoudbaar indien die noodsaaklikheid van die kerkverband wel aanvaar word waar dit plaaslike kerke uit dieselfde volksgroep geld, maar van die hand gewys word waar dit kerke van ander volks- of kultuurgroepe geld. Dan word dit immers duidelik dat dit nie prinsipiële besware teen die kerkverband as sodanig is wat geld nie, maar ontologiese oorwegings.

Gevolgtrekkings

(a) Die degradering van die sigbare kerk en die vergoeliking van die verskeurdheid van die kerk deur 'n oor-aksentuering van die onsigbare kerk en die aanvaarding van die teorie van die pluriformiteit (of pluraliteit) van kerke, moet as produk van die negentiende eeuse liberale denke van die hand gewys word. Daar moet teruggekeer word tot die standpunt van die Reformatore wat die een algemene kerk verstaan het as die universele sigbare kerk, al is dit ook waar dat die sigbare en onsigbare sye van die kerk mekaar nie volkome dek nie, sodat daar altyd 'n sekere voorbehoud ten opsigte van die sigbaarheid van die kerk gemaak sal moet word. Eweneens moet teruggekeer word tot die standpunt van die Reformatore wat die bestaan van verskillende kerke met in hoofsaak dieselfde belydenis as die pynlike en sondige verskeurdheid van die één ware kerk gesien het en hulle daarom beywer het vir die herstel van die eenheid, terwyl hulle daarby enige gemeenskap met die valse kerk en die sektes afgewys het.

(b) Die eenheid van die ware kerk is in Christus gegee en kom in die gemeenskaplike belydenis van die waarheid na vore, sowel as in die onderlinge gemeenskap van die gelowiges. Dit mag nie bedreig word deur die groot verskeidenheid tussen die lede nie, want die eenheid van die kerk moet bewaar word ten spyte van die verskeidenheid, terwyl die verskeidenheid nie

deur die eenheid opgehef word nie.

(c) Die Nuwe Testament skryf nie die vorme voor waarin die gemeenskap tussen die plaaslike kerke (of: tussen die plaaslike kerk en die algemene kerk) uitdrukking moet vind nie, maar dit is duidelik dat die gemeenskap daar moet wees. Ons gereformeerde vaders het die Skrif goed begryp toe hulle in hierdie opsig gespreek het van die noodsaaklikheid van die kerkverband, want in die gereformeerde kerkverband vind die gemeenskap tussen plaaslike kerke die kanale vir 'n ordelike uitdrukking.

IV

DIE ROEPING VAN DIE KERK

Dit is onmoontlik om oor die vernuwing in die denke oor die kerk te praat, sonder om kennis te neem van die sterk klem wat in ons tyd op die roeping van die kerk gelê word. Daar bestaan 'n innerlike eenheid tussen die wese van die kerk en sy roeping. Wanneer één aangeraak word, kom die ander vanself aan die orde.

Die feit dat die wêreldsending wat gedurende die vorige eeu so 'n geweldige vooruitgang gemaak het, sy ontstaan en impuls hoofsaaklik aan nie-kerklike instansies te danke gehad het, het op die lang duur 'n geweldige appèl aan die adres van die kerk geword. Ook die feit dat die kerk in die moderne wêreld soveel terrein verloor het, het die vraag na die rede daarvoor dringend gemaak. Dit het haas vanself die antwoord ontlok dat die kerk te veel in homself gekeer is, te selfvergenoegd is en te min in die werklike lewe van die mense indring om hulle hart te raak.

Daarmee het die vraag na die verhouding tussen kerk en wêreld onontwykbaar geword. Uit die worsteling met hierdie vraag, het die opvatting na vore gekom dat die kerk nie verstaan mag word as 'n grootheid wat om sy eie ontwil in die wêreld bestaan en dus op homself gerig mag wees nie, maar dat die kerk geheel-en-al ter wille van die wêreld en sy roeping met betrekking tot die wêreld in die wêreld bestaan. Hierdie gedagte is veral sterk ontwikkel rondom die gedagte van die *apostolaat* van die kerk, waarmee bedoel word dat die kerk *gestuur* is in die wêreld in (*apostello* = ek stuur). Hoewel die term ook 'n enkele keer voor hom deur andere gebruik is, was dit veral die groot sendingman H. Kraemer wat hierdie term gepopulariseer het as aanduiding van die feit dat die kerk se aard, wese en doel nie anders verstaan kan word nie, as dat die kerk dáár is om die barmhartigheid van God oor die nood van die wêreld ten toon te stel en te proklameer. Dit is egter nie net Kraemer wat hierdie visie op die kerk gekry het nie. Na die Tweede Wêreldoorlog het dit oral opgeduik, mede ook deur die invloed van Karl Barth by wie se denke oor die kerk hierdie visie op die roeping van die kerk deurgaans van belang is. In Nederland het Schilder reeds in die dertigerjare probeer wegbekom van 'n statiese kerkbegrip en beweeg in die rigting van 'n meer dinamiese siening van die kerk. Op 'n ietwat ander wyse, maar in dieselfde rigting het A. A. van Ruler, J. C. Hoekendijk en andere uit Hervormde kringe voortgegaan om te beklemtoon dat die kerk met sy roeping een is. Teen die benaming apostolaat kan daar met reg besware vanuit die Nieu-Testamentiese eksegeese ingebring word. Teen die saak as sodanig kan daar egter weinig beswaar ingebring word, al is dit ook dat daar soms aksente gelê word waarteenoor 'n mens regmatige bedenkinge moet koester.

Kerk en Koninkryk

Dit is dadelik al duidelik dat hierdie visie op die roeping van die kerk die kerk in verband stel met die Koninkryk van God. In die negentiende eeu is daar óók 'n verband gelê tussen die kerk

en die Koninkryk, maar dan tussen die onsigbare kerk en die Koninkryk, waarby die onsigbare kerk gelykgestel is met die onsigbare Ryk. In ons tyd word hierdie verband egter totaal anders gelê. Die kerk word nie met die Ryk gelykgestel nie. Die kerk is nie self die heil nie en ook nie 'n doel op homself nie. Die kerk is in die wêreld ter wille van Christus, sy Hoof, en die Koninkryk van God. God wil dat Sy Koninkryk in die wêreld sal kom, en die kerk is in diens gestel van hierdie voortdurende koms van die Koninkryk in die wêreld.

Onder die Koninkryk van God moet ons die handeling van God verstaan, waardeur Hy sy koninklike heerskappy oor sy ganse skepping handhaaf en tot openbaring bring. Dit bring mee die oorwinning van die magte waaraan die wêreld verval het en die verlossing van die skepping tot die volkome diens van God. Hierdie handeling van God breek deur in die koms en verlossingswerk van Jesus Christus, want Jesus Christus is in Homself die Koninkryk van God in persoon, sigbaar op aarde. In Hom is die ganse werklikheid reeds in beginsel geheilig, maar wat in Hom in beginsel die geval is, moet deur die werking van die Heilige Gees in die konkrete bestaan van die wêreld gerealiseer word. Eenmaal by sy wederkoms breek die Koninkryk in sy volle heerlikheid deur. Dan sal alles aan Gods finale en heerlike heerskappy onderworpe wees. Daartoe dring die Heilige Gees. Hy maak daarby egter gebruik van die kerk wat self reeds 'n gestalte of teken van die Koninkryk van God in die wêreld is, en terselfdertyd die middel is waardeur die koms van die Koninkryk gedien word. Op hierdie wyse is die kerk en die Koninkryk op die innigste wyse aan mekaar verbonde en op mekaar betrokke.

Dit beteken nou egter ook dat die kerk op die *wêreld* gerig is. God het die *wêreld* lief en stuur Sy Seun na die wêreld (Joh. 3:16). God neem die kerk op in Sy gang na die wêreld. Die kerk is verlos om *te dien*. 1 Pet. 2:9 lê 'n duidelike verband tussen die bestaan van die kerk en sy roeping: die kerk is 'n volk wat as eiendom verkry is *om te verkondig die deugde van Hom* wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. Dieselfde blyk wanneer Christus die dissipels die sout van die aarde en die lig van die wêreld noem. Die kerk is gerig op die aarde, op die wêreld, om daaraan en daarin sy roeping te vervul. Doen die kerk dit nie, beteken dit dat die sout laf word of dat die lig onder 'n maatemmer verberg word. Die bestaan van die kerk in die wêreld moet dus daarop uitloop dat die mense die lig kan sien skyn en tot verheerliking van God kan kom (vgl. Matth. 5:13-16).

Hierdie visie op die roeping van die kerk het meermale gelei tot die formulering dat die kerk en sy roeping identies is, of dat die roeping van die kerk die wese van die kerk uitmaak. Daarvoor is heelwat diskussie gevoer, waarop ons hier nie ingaan nie. Dit is egter duidelik dat die wese van die kerk volgens die Skrif egter dit is, dat die kerk *die volk van God* is. Daarom is dit onhoudbaar om te sê dat die roeping van die kerk sy wese is. Wat egter wel waar is, is dat die roeping van die kerk met sy wese gegee is, omdat die kerk aan sy wese as 'n *volk wat verlos is om te dien*, ontrou word as hy sy roeping versaak. Die kerk is 'n dinamiese grootheid. Dit is opgeneem in Gods handeling met die wêreld. Dit kan egter nie só verstaan word, asof die kerk nie ook iets in homself is, bo en behalwe sy roeping nie. As liggaam van Christus en volk van God is die kerk in 'n sekere sin ook 'n doel op homself, want dit is bestem tot die ewige gemeenskap met God in Christus. Hierdie formulering is nie bedoel om iets af te doen aan die feit dat die roeping van die kerk met sy wese gegee is nie, maar wil alleen 'n bepaalde eensydige formulering korrigeer.

Hierdie gerigtheid van die kerk in die wêreld het groot betekenis vir die hele saak van die *sending en evangelisasie*. Die kerk het in ons tyd meer as ooit tevore daarvan bewus geword dat die sending nie maar oorgelaat kan word aan 'n aantal entoesiaste nie, en dat dit nie oorgelaat mag word aan vrywillige genootskappe soos in die negentiende eeu nie, maar dat die kerk self die verantwoordelikheid van sy gestuur-wees moet aanvaar en op alle akkers moet

uitgaan.

Die gerigtheid van die kerk op die wêreld sien egter nie net op die arbeid van sending en evangelisasie nie. Opnuut word verstaan dat die kerk *op alle terreine* sy getuienis moet laat uitgaan. Die bestaan van die kerk as sodanig is reeds 'n verkondiging aan die wêreld. Elke daad wat die kerk verrig, moet ook hierdie karakter dra van 'n boodskap aan die wêreld. Dit beteken egter ook dat die kerk solidêr met die wêreld moet wees, die nood en behoeftes van die wêreld moet verstaan en daarin moet gaan staan met sy boodskap. Die kerk moet uit sy eeu-oue isolement uitkom en weer 'n "wêreldse" kerk word, wat nie beteken dat die kerk minder "afgesonderd vir Christus" en heilig moet wees nie, maar dat die kerk sy sakrale terrein moet verlaat en volop in die wêreld moet gaan lewe, al is die kerk nie van die wêreld nie.

Die kerk as moeder

Dit is dadelik duidelik dat hierdie visie op die roeping van die kerk beklemtoon dat die kerk as sigbaar en konkreet in hierdie wêreld aanwesig, gesien moet word. Wanneer die kerk verstaan word as 'n gemeenskap van verlostes sonder meer, as die vergadering van ware gelowiges, sonder dat daarby ook onmiddellik begryp word dat hierdie gemeenskap van mense verlos is om te dien, dan kan die kerk miskien nog verstaan word as 'n mistieke of geestelike grootheid wat nie in die wêreld gesien kan word nie. Maar waar dit begryp word dat Christus self die kerk op Sy Koninkryk en die wêreld rig, is dit duidelik dat die kerk as gemeenskap van ware gelowiges 'n sigbare volk is wat in die wêreld gestel is met 'n duidelike opdrag. Die vergadering van sy kerk deur Christus

bedoel die sigbare kerk wat in die wêreld kan beantwoord aan die roeping wat met sy wese gegee is. Die sigbaarheid van die kerk is vanuit hierdie gesigspunt gesien, nie anders te verstaan nie as iets wat deur Christus gestel en gewil is en saamhang met die roeping van die kerk.

Dit is duidelik waarom daar in ons tyd dus ook weer meer waardering is vir wat Calvyn oor die kerk as die *moeder van die gelowiges* gesê het. As sigbare kerk is die kerk die moeder van die gelowiges. Calvyn verklaar dat daar geen ingang in die lewe is, as die kerk ons nie in haar skoot ontvang, baar, aan haar borste voed en onder haar leiding en sorg neem tot ons dood nie (Inst. IV, I, 4). Met bewysplekke uit die Skrif betoog hy dat daar buite die skoot van die kerk geen saligheid en vergewing van sondes verwag kan word nie. Die weldaad van vergiffenis van sonde het God verbind aan die diens van die sigbare kerk, wat ook die sleutels van die hemelryk ontvang het, sodat die weldaad nie anders geniet word, as in gemeenskap met die kerk nie (Inst. IV, I, 22). Calvyn verklaar selfs dat niemand hierdie twee dinge mag skei, wat God saamgevoeg het nie, dat diegene vir wie God 'n Vader is, in die kerk 'n moeder het (Inst. IV, I, 1). Met al hierdie uitdrukkings wil Calvyn beklemtoon dat God sy kerk deur sy kerk vergader, voed en lei. Die kerk self word ingeskakel in Gods gang na die wêreld. Al is dit duidelik dat Calvyn nie die missionêre gerigtheid van die kerk so sterk aangevoel of beklemtoon het as wat dit in ons tyd geskied nie, is al die elemente daarvoor by hom aanwesig.

Die nuwe aksent

Dit is histories verklaarbaar dat die Kerkhervormers hulle veel meer met die herstel van 'n gedeformeerde kerk moes besighou en met die blootlegging van die Bybelse belydenis wat verlore geraak het, as met die roeping van die kerk. Hierdie stand van sake het ook ingang gevind in ons belydenisskrifte. Wel word daar in verskillende uitsprake van die belydenisskrifte 'n duidelike verband gelê tussen die versameling van die kerk deur die Woord en die Gees van

Christus en die diens wat die kerk daarby moet verrig. 'n Mens dink aan Sondag 25 van die Heidelbergse Kategismus waar die verkondiging van die evangelie en die gebruik van die sakramente (wat aan die sigbare kerk verbonde is) genoem word as die middele waardeur die Heilige Gees die geloof werk en versterk. Dit is dieselfde wat in Sondag 21 reeds opgesluit lê met die verklaring dat Christus sy kerk deur sy Gees en Woord vergader. So word daar ook in Sondag 48 'n duidelike verband gelê tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk van Christus, en die perspektief van die komende volkomenheid van die Ryk van God word oopgespan in 'n gebed waarom dit juis om die kerk gaan. Dit is dus duidelik dat ons belydenisskrifte al die elemente bevat wat noodsaaklik was vir 'n sterker beklemtoning van die verband tussen die kerk en die Koninkryk en die gerigtheid van die kerk op die Koninkryk en op die wêreld. Hierdie beklemtoning het egter nie geskied nie en veroorsaak 'n sekere misverstand by die lidmate van die kerk, asof alles gesê is wanneer daar oor die roeping van die kerk na binne gespreek is.

In aansluiting hierby is dit noodsaaklik om die aandag daarop te vestig dat hierdie gebrek aan gerigtheid op die wêreld en die Koninkryk ook weerspieël word in die *kerkordes* uit die tyd van die Reformasie. Die sg. Dordtse Kerkorde is daarvan 'n goeie voorbeeld. Die sending van die kerk kom daar nie uitdruklik na vore nie. Alles handel oor die goeie orde wat in die kerk bewaar moet word. Latere geslagte het art. 8 van die kerkorde, wat oorspronklik niks met die sending te make gehad het nie (daar is sprake van dienaars van die Woord wat gestuur word om "hier of daar kerke te vergader", d.w.s. in lande waar die Roomse leer oorwegend was) op die sending onder die heidene laat slaan. Maar ook afgesien daarvan dat die sending nie uitdruklik genoem word nie, is die hele opset van die Dordtse Kerkorde sprekend van die gerigtheid na binne, na die opbou van die gemeente. Hoe suiwer die Dordtse Kerkorde ook al in baie opsigte die groot beginsels van die gereformeerde kerkreg na vore laat kom, en hoeveel waardering ons dus ook al daarvoor moet hê, een ding is duidelik, en dit is dat die kerk in die twintigste eeu nie by die Dordtse Kerkorde sal kan bly staan soos dit in die sestiende eeu geformuleer is nie. Die gerigtheid van die kerk op die Koninkryk moet in ons tyd baie sterker klem ontvang. Dit geskied dan ook in baie van die nuwe kerkordes. Die nuwe kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk is 'n sprekende voorbeeld daarvan.

Die vraag in ons tyd meermale gestel of dit volledig genoeg is om die kenmerke van die ware kerk alleen te beperk tot die suiwer bediening van Woord, sakrament en tug, en of daar nie 'n vierde kenmerk aan toegevoeg moet word nie, nl. *die getuieniskarakter van die kerk*. Die agtergrond van hierdie vraag is duidelik. Indien die roeping van die kerk met sy wese gegee is, dan is dit 'n ontrou teenoor sy wese as die kerk sonder getuienis sou bestaan. Die vraag is of die kerk dan nog ware kerk kan heet. Ons ag dit 'n vraag waaroor daar beslis nog meer nagedink behoort te word. Immers, dit is aan die eenkant wel duidelik dat dit ontrou teenoor sy ware wese is as die kerk in homself opgesluit sou bestaan, sonder 'n gerigtheid op die wêreld wat uitkom, nie net in die prediking nie, maar ook in die persoonlike getuienis van die lidmate van die kerk. Dit is aan die anderkant egter ook duidelik dat die kerk in baie opsigte aan sy ware wese ontrou kan word, sonder om daardeur op te hou om ware kerk te wees. Buitendien is dit die vraag of die kerk *ooit* werklik heeltemal sonder 'n getuienis-karakter kan wees, want nie slegs wat die kerk aan sending, evangelisasie en die aksie van die lidmate na buite doen, is 'n openbaring van die getuieniskarakter van die kerk nie. Elke handeling van die kerk, ja die bestaan van die kerk self is reeds 'n getuienis in die wêreld. Dit mag alles baie gebrekkig wees, dit is egter tog daar. Buitendien kom hierby nog die moeilike vraag of die getuieniskarakter op homself 'n kenmerk van die ware kerk kan wees, sonder dat die toets aangelê word of die getuienis *suiwer* is. In die lig van al hierdie oorwegings meen ons dat daar heelwat voet-angels lê by die beantwoording van die vraag of hierdie vierde kenmerk aan die kenmerke van die ware kerk toegevoeg moet

word.

Aandag vir die amp van die gelowige

Meer as ooit tevore kom die vraagstuk van die amp van die gelowige (of die priesterskap van die gelowige) in ons tyd na vore in verband met die klem wat gelê word op die roeping van die kerk in die wêreld. Indien die kerk werklik in die wêreld soos 'n soutende sout moet lewe, is dit noodsaaklik dat die kerk moet wegkom van 'n klerikalisering (te groot aandag vir die besondere ampte). Die “vergete amp in die kerk”, die amp van die gelowige lid van die volk van God, moet weer in alle opsigte tot sy reg kom. Die degradering van die gewone lidmaat van die kerk tot 'n “leek” wat niks weet nie en alleen maar voorwerp van bearbeiding kan wees, moet vir goed uitgeban word. Elke lidmaat van die kerk moet weer weet dat hy, en nie net die bedienaars van die Woord nie, *voltyds* in diens van die Here staan.

Met groot profetiese bewoënheid het 'n man soos J. C. Hoekendijk herhaaldelik op hierdie saak teruggekom. Volgens hom lewe die kerk op die oomblik in 'n situasie wat post-Christelik genoem moet word, omdat die Christendom vir die breë lae van die mensdom net nie meer relevant, ter sake is nie. Daarby is die mens van vandag volgens Hoekendijk ook *post-kerklik*. Hy verstaan nie wat in die kerk gebeur nie en is ook nie daarin geïnteresseerd nie. Die kerklike ampsdraers is vir hom beroepsmense wat nie meer tot die gewone mens toegang het nie en dus ook nie meer geskikte organe kan wees vir die getuienis van die kerk in die wêreld nie. Die kerk moet uit sy kerklike isolement uitkom en weer te midde in die wêreld gaan staan. Dit kan alleen gebeur as die lidmate van die kerk blywend solidêr met die wêreld gaan lewe en dáár in die ruimte van die wêreld getuig as kinders van die Koninkryk wat uitgesaai is op die akker van die wêreld.

Dit is duidelik dat hierdie soort beskouing ernstige vrae gaan stel in verband met die struktuur van die kerk.

Waar daar in ons tyd nuwe aandag gekom het vir die sigbare kerk, is daar in sommige kringe 'n beweging om meer klem te laat val op die *ampte*. Vir die liberalistiese kerkreg van die negentiende eeu was ampsdraers dikwels nie veel meer as amptenare wat die opdragte van hulle godsdienstige vereniging moet uitvoer nie. Tereg het daarteen reaksie gekom en is 'n poging aangewend om die ampte weer Bybels te verstaan, nie net as organe van die gemeente nie, maar ook as organe van Christus. Dit lei in die kerklike gesprek soms tot 'n hoogkerklike waardering van die amp (vgl. die ontwikkelinge in Skotland). Direk daarteenoor staan nou egter hierdie waardering van die roeping van die kerk wat vanuit die gestuur-wees van die kerk juis aandrang daarop om die amp van die gelowige reg te waardeer en die kerklike struktuur sodanig te laat aanpas aan die post-kerklike situasie, dat dit moontlik word om die mens van vandag te ontmoet. Dit sal volgens sommige eers moet lei tot 'n “destrukturering” van die kerk soos dit verwortel is in die besondere amp, sodat daaruit 'n nuwe struktuur vir die kerk gebore kan word. Die kerk moet weer gaan bestaan as klein groepe of huisgemeentes wat getuigend in die wêreld optree, en moet uitkom uit sy vermomming as instituut en organisasie wat hom vir die taak van getuienis feitlik onbekwaam maak. Die gesprek oor hierdie dinge is nog volop aan die gang. Dit is noodsaaklik om daarvan kennis te neem en dit te oorweeg in die lig van die Skrif.

Die eenheid van die kerk

'n Laaste aspek waarvoor die nuwe klem op die roeping van die kerk van belang is, is die hele kwessie van die eenheid van die kerk. Indien dit waar is dat die kerk sigbaar in die wêreld moet

bestaan om aan sy roeping te kan beantwoord, dan is dit eweneens waar dat die roeping van die kerk aandrang op die eenheid van die kerk, omdat die kerk sy roeping in die wêreld nie kan volbring soos hy dit moet doen, as die kerk nie een is nie. Dit word reeds duidelik in die Hoëpriesterlike gebed van Christus, waar Hy juis met die oog op die roeping van die kerk in die wêreld bid om die bewaring van die eenheid van die kerk (vgl. Joh. 17:23). Die eenheid van die kerk is vir die wêreld 'n gewigtige faktor met betrekking tot die geloofwaardigheid van die boodskap van die kerk. Deur sy verskeurdheid is die kerk besig om sy eie boodskap te loën en in 'n groot mate kragteloos te maak. Deur sy verdeeldheid staan die kerk skuldig teenoor sy Opdraggewer en teenoor die wêreld, omdat Christus die kerk verantwoordelik gemaak het vir die wêreld. Hoe meer die kerk verstaan dat hy nie vir homself in die wêreld is nie, maar ter wille van sy Heer en die se opdrag, hoe meer sal die kerk verstaan dat hy tot eenheid geroep is. Vanuit die jonger kerke word hierdie aspek elke dag met klem onder die aandag van die gevestigde kerke met hulle onderlinge verdeeldheid gebring. Dit is 'n klop op die deur.

Gevolgtrekkings

In die lig van bostaande moet ons tot die volgende gevolgtrekkings kom:

- (a) Die klem wat in ons tyd op die roeping van die kerk in die wêreld gelê word, is van die allergrootste belang en mag onder geen omstandighede deur ons verwaarloos word nie. Dit behoort in die hele lewe van die kerk as stimulerende en vormende faktor werksaam te wees en in die vrae rondom die struktuur van die kerk, sy kerkordelike inrigting, sy verkondiging, pastorale sorg en aksie na buite deurgaans in aanmerking geneem te word.
- (b) Die kerk kan alleen reg oor sy roeping in die wêreld spreek, as daar radikaal weggebreek word van standpunte en oorwegings wat in die negentiende eeuse liberale individualisme wortel, sodat die kerk as sigbare kerk, in die woorde van Calvin, hoog geag kan word, en – wat daaruit voortvloei – daar ernstig gestrewe kan word na die herstel van die verbroke eenheid van die één ware kerk.
- (c) Daar moet aandag gegee word aan die vraag of dit nie noodsaaklik is om die gerigtheid van die kerk op die wêreld duideliker uit te spreek in die belydenis van die kerk as wat tans die geval is in ons bestaande belydenisskrifte nie.

SLOT

Ons studie was te kort om reg te laat geskied aan al die aspekte van die nuwe belangstelling in die leer aangaande die kerk. Ons het dan ook nie probeer om dit te doen nie. Ons het slegs probeer om te laat sien dat daar 'n gewigtige aksentverskuiwing in die beskouinge oor die kerk ingetree het, en dat daardie aksentverskuiwing belangrike implikasies het vir die kerklike gesprek óók in ons land. Dit sou uiters onverantwoordelik van ons wees om nie kennis te neem van die nuwe Bybelse aksente wat in die spreke oor die kerk na vore kom nie, asof ons in hierdie opsig niks van andere kan leer nie. Ons moet veral nie meen dat ons alleen, bo die wisseling van die tye uit, en sonder enige invloed van enige on-Bybelse teologiese denkpatrone, solied by die waarheid van die Bybel gehou het, terwyl alle andere die spoor byster geraak het nie. Nee, daarvoor blyk dit telkens weer te duidelik hoe diep ons tog beïnvloed is deur die on-Bybelse elemente in die denke van vroeër tye, en dan met name deur die liberale denke van die negentiende eeu, wat dieper onder ons vel ingekruip het as wat ons graag sou wil toegee en waarvan ons bewus mag wees.

Ons sal in ons spreke en denke oor die kerk altyd daarvan bewus moet bly dat die Bybel die kerk op die allerinnigste manier aan Christus verbind: die kerk is sy eiendom, is in Hom begrepe, ontvang die lewe uit Hom, word deur Hom regeer. Juis daarom is die kerk 'n eenheid, 'n geheel, 'n gemeenskap wat voorafgaan aan die individuele lede wat op die verskillende tye en plekke deur die loop van die eeue deur die Woord en Gees van Christus konkreet versamel word in sy gemeente. Dit is dieselfde kerk wat van die begin van die wêreld af tot aan die voleinding bestaan, maar op 'n bepaalde tydstip en plek word dié kerk openbaar in die plaaslike kerke wat rondom die bediening van die Woord vergader word. Juis egter omdat die plaaslike kerke openbaringe (en dus ook dele) van die één, algemene kerk is, moet die eenheid van die kerk uitgelewe word, nie net in die onderlinge gemeenskap en liefde van die lede van die plaaslike gemeentes teenoor mekaar nie, maar ook in die onderlinge gemeenskap van die verskillende plaaslike kerke met mekaar. Die eenheid van die kerk kom tot openbaring in die belydenis van dieselfde waarheid, maar ook in die onderlinge gemeenskap. Die verdeeldheid van die een kerk mag onder geen omstandigheid vergoelik word, asof dit maar so hoort dat daar verskille in belydenis en 'n opsegging van die onderlinge gemeenskap sal wees nie. Die sónde van die verskeurdheid van die kerk moet bely word. Juis daarom moet die eenheid van die één ware kerk van Christus naastiglik gesoek word, terwyl daarenteen die gemeenskap met al wat valse kerk en sekte is, ontvlug moet word. Ook die natuurlike verskille tussen die lede van die kerk en die menslike gemeenskappe waarin die kerk "inheems" word, mag nie die eenheid van die kerk bedreig nie, maar daar moet, by alle legitieme eerbiediging van die verskille, vasgehou word aan die waarheid dat dit die één kerk van Christus is wat hom in die verskillende gemeenskappe openbaar. Dit bring mee dat die kerke onder die verskillende bevolkingsgroepe en gemeenskappe met mekaar in verband moet staan, sodat dit duidelik kan wees dat dit die één kerk van Christus is wat hier en dáár bestaan. – Dit alles is uiters gewigtig met die oog op die vervulling van sy roeping deur die kerk. Die kerk is in die wêreld ter wille van die wêreld, ter wille van die Koninkryk, ter wille van die Christus. Daarom roep die taak van die kerk die kerk tot 'n bestaan wat na buite gekeer is, 'n bestaan van diens aan die ganse wêreld. Die eenheid en die roeping van die kerk is op mekaar betrokke. Hoe meer die kerk vir die sending lewe, hoe meer sal hy die eenheid liefhê.

Mag hierdie grondtrekke van die nuwe denke oor die kerk ons opnuut inspireer tot 'n

noukeuriger bestudering van Gods Woord en ons belydenisskrifte, en 'n eerlike konfrontering van ons opvattinge aan Gods Woord alleen!

BEKNOPTE LITERATUURLYS

Dit is 'n onbegonne taak om ook maar by benadering 'n volledige literatuurlys aan te bied. Ons maak net 'n greep uit die werke wat kan help om die leser verder te oriënteer, en laat meer bekende werke met opset weg. Ook laat ons bewustelik na om literatuur te verstrek oor die denke oor die kerk in die Rooms-Katolieke, Anglikaanse en Oosters-Ortodokse teologie, omdat die ruimte daarvoor ontbreek. Vgl. as algemene oriëntering op hierdie terreine: F. Hölbock/T. Sartory, *Mysterium Kirche*, 2 dele, 1962 (baie literatuur word aangegee), en die literatuuropgawes by L. B. Smedes, *The Incarnation, Trends in modern Anglican Thought*, 1953, en my eie proefskrif, *Mistieke Liggaam en Kerk in die nuwe Rooms-Katolieke Teologie*, 1955. Die volgende werke kan help om ten opsigte van die Protestantse denke oor die kerk te oriënteer:

1. F. O. Ayres, *The ministry of the Laity*, 1962.
2. Karl Barth, *Kirchliche Dogmatik*, IV, 1, 718 e.v. en IV, 3, 2, 780 e.v.
3. Karl Barth, *Christus und Adam*, Theologische Studien, 35, 1952.
4. P. Barth, *Calvins Verständnis der Kirche*, Zwischen den Zeiten, XII, 1930.
5. H. Berkhof, *Geschiedenis der Kerk*, Tweede Uitgawe, s.d.
6. H. Berkhof, *De Apostoliceit der Kerk*, Nedl. Theol. Tijdsch. II, 1947/48, 146 e.v., 193 e.v.
7. H. Berkhof, *De Katholiciteit der Kerk*, 1962.
8. F. M. Braun, *Neues Licht auf die Kirche*, 1946.
9. R. H. Bremmer, *Verschuivingen in de ecclesiology*, Kerk en Theologie, XV, 1964, 105-116.
10. A. J. Bronkhorst, *Een Gang door het Ontwerp-Kerkorde*, Nedl. Theol. Tijdschr., II, 1947/1948, 202-223.
11. E. Brunner, *Das Missverständnis der Kirche*, 2e uitgawe, 1951.
E. Brunner, *Die Lehre von der Kirche, vom Glauben und von der Vollendung*, (Dogmatik III), 1960.
12. F. Büchel, "In Christus" bei Paulus, Zeitschr. Neutest. Wissenschaft, 42, 1949.
13. N. A. Dahl, *Das Volk Gottes*, 1941.
14. W. F. Dankbaar, *Het Apostolaat bij Calvijn*, Nedl. Theol. Tijdschr., IV, 1949/50, 177-192.
15. O. Dibelius, *Das Jahrhundert der Kirche*, 1927.
16. H. Diem, *Est autem ecclesia congregatio, sanctorum*, Festschrift für Karl Barth, 1936, 320-337.
17. H. Diem, *Theologie as (sic) kirchliche Wissenschaft*, 1951.
18. H. Diem, *Lutherische Volkskirche im West und Ost*, 1951.
19. K. Doornbos, *Kerk zijn en in de kerk zijn*, 1962.
20. I. J. du Plessis, *Christus as Hoof van Kerk en Kosmos*, 1962.
21. F. W. Grosheide, *Gedachten over de kerk in het N.T.*, Geref. Theol. Tijdschr., XXXI, 1930.
22. F. W. Grosheide, *Die Zijn Lichaam is*, Geref. Theol. Tijdschr., 47, 1947.
23. H. C. Hahn, *Die Einheit der Kirche in evangelischen Sicht*, Una Sancta, XIX, 1964, 33-52.
24. Th. L. Haitjema, *Plaatselijke en Algemeene Kerk*, Onder Eigen Vaandel, II, 1927, 232 e.v.
25. S. Hanson, *The Unity of the Church in the New Testament*, 1946.

26. J. C. Hoekendijk, *Rondom het Apostolaat*, Wending, VII, 1952/53, 547-566.
27. J. C. Hoekendijk, *De Missionaire Structuur van de Gemeente*, Geref. Theol. Tijdschr., 63, 1963, 225-238.
28. M. Honecker, *Kirche als Gestalt und Ereignis*, 1963.
29. P. Jacobs, *Theologie reformierten Bekenntnisschriften*, 1959.
30. E. Käsemann, *Leib und Leib Christi*, 1933.
31. F. Kattenbusch, *Der Quellort der Kirchenidee*, Festschrift für A. Harnack, 1921, 143-172.
32. H. Kraemer, *Kerk en Zending*, 1936.
33. H. Kraemer, *Het Vergeten Ambt in de Kerk*, 1960,
34. H. J. Langman, *Kuyper en de Volkskerk*, 1950.
35. O. Linton, *Das Problem der Urkirche in der neueren Forschung*, 1932.
36. H. M. Matter, *De Kerk als Lichaam van Christus*, Reformatorische Stemmen, 1962.
37. J. J. Meuzelaar, *Der Leib des Messias*, 1961.
38. P. S. Minear, *Images of the Church in the New Test.*, 1960.
39. S. Mudge, *One Church: Catholic and Reformed*, 1963.
40. D. Nauta, *Het Kerkverband als wezenlijk element voor het bestaan eener Gereformeerde Kerk*, Geref. Theol. Tijdschr., 47, 1947, 129-139.
41. D. Nauta, *Dr. A. Kuyper over het synodale systeem der Franse kerken*, Geref. Theol. Tijdschr., 48, 1948, 1-8.
42. O. Niederberger, *Kirche, Mission, Rasse*, 1959.
43. A. Nygren, *Christ and His Church* (vert. Carlsten), 1957.
44. A. Oepke, *Das neue Gottesvolk*, 1950.
45. E. Percy, *Der Leib Christi in den paulinischen Homologumena und Antilegomena*, 1942.
46. A. D. R. Polman, *Onze Nedl. Geloofsbelijdenis*, III, (1952), 370 e.v.
47. J. Plomp, *Herkaveling; De kerk is één; Reformatie en separatisme*; artikelreeks, Geref. Weekblad, 10, 17, 31 Julie 1964.
48. H. Quistorp, *Sichtbare und Unsichtbare Kirche bei Calvin*, Ev. Theol., IX, 1949/50.
49. P. J. Richel, *Het kerkbegrip van Calvyn*, 1942.
50. J. Ridderbos e.a., *De Apostolische Kerk*, 1954.
51. H. N. Ridderbos, *De Komst van het Koninkrijk*, 1950.
52. H. N. Ridderbos, *De Kern van de Zaak*, Geref. Weekblad, X, 1954, 90.
53. H. N. Ridderbos, *Organische Opbouw*, Geref. Weekblad, X, 1954, 50.
54. H. N. Ridderbos, *Om de Kerkinrichting; De gemeente als draagster van Gezag; De Verhouding van ambt en gemeente*, artikels in Geref. Weekblad, 12, 19, 26 Febr. 1960.
55. J. H. Roberts, *Die opbouw van die kerk volgens die Efese-brief*, 1963.
56. J. A. T. Robinson, *The Body*, 1953.
57. H. H. Rowley, *The re-discovery of the Old Testament*, 1945.
58. K. Schilder, "Ons aller Moeder", 1935.
59. H. Schlier, *Christus und die Kirche im Epheserbrief*, 1930.
60. H. Schlier, Artikel *kephale* in Theol. Wtb. zum N.T., III, 672.
61. H. Schlier, *Die Zeit der Kirche*, 1958.
61. K. L. Schmidt, Artikel *ekklesia* in Th. Wtb. zum N.T., III, 502,
62. K. L. Schmidt, *Le ministère et les ministères dans le N.T.*, Revue Hist. Phil. Rel., XVII, 1937, 313-336.
63. Tr. Schmidt, *Der Leib Christi*, 1919.
64. E. Schweizer, *Gemeinde nach dem N.T.*, Theol. Studien, 26, 1949.
65. E. Schweizer, *Gemeinde und Gemeindeordnung im N.T.*, 1959.

66. K. Stendahl, Artikel *Kirche im Urchristentum*, R.G.G., derde uitgawe, III, kol. 1297 e.v.
67. Strathmann-Meyer, Artikel *laos* in Theol. Wtb. zum N.T., IV, 29.
68. W. Straub, *Die Bildersprache des Apostels Paulus*, 1937.
69. H. Strobl, *La notion d'Église chez les Réformateurs*, Revue Hist. Phil. Rel., XVI, 1936, 265-319.
70. T. F. Torrance, *Kingdom and Church*, 1956.
71. T. F. Torrance, *Conflict and Agreement in the Church*, 2 dele, 1959/1960.
72. Tj. van der Walt, *Die Koninkryk van God - naby!* 1962.
73. J. H. P. van Rooyen, *Kerk en Staat*, 1964.
74. A. A. van Ruler, *Theologie van het Apostolaat*, s.d.
75. A. A. van Ruler, *Het Apostolaat der Kerk en het Ontwerpkerkorde*, 1948.
76. A. A. van Ruler, *Bijzonder en Algemeen Ambt*, 1952.
77. J. A. van Wyk, *Die Apostolaat van die Kerk*, 1958.
78. O. Weber, *Versamelte Gemeinde*, 1949.
79. O. Weber, *Die Einheit der Kirche bei Calvin*, Calvinstudien, (herausg. J. Moltmann) 1960, 130-143.
80. O. Weber: *Grundlagen der Dogmatik*, II, 1962, 564-644.